

*H*ALM TOT VOL KORINGAAR



Jeremia 8:20: Die oes is af, die somer is verby en ons is nie gered nie.

Die laat reën laat die koring ryp word



HALM TOT VOL KORINGAAR

INLEIDING

Ons lees in Joël 2:23: **En julle, kinders van Sion, juig en wees bly in die Here julle God, want Hy gee julle die leraar tot geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns, soos voorheen.**

In die bestudering van die Skrifte, gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie (Jes. 28:10), word ons tot die bewustheid gebring, dat hierdie 'n letterlike, sowel as 'n ware profetiese betekenis het. Ons weet daar was 'n ontsaglike uitstorting van die vroeë reën of die uitstorting van die Heilige Gees gedurende die dae van die apostels. Die uitwerking was geweldig. Die vroeë reën het die evangelie van Christus op 'n wonderbare wyse versprei waaraan ons vandag deel kan hê.

Wanneer ons na die toekoms as 'n kerk kyk wat haar gereedmaak om haar Verlosser te ontmoet, verstaan ons dat daar steeds swaar beproewings en hindernisse voor ons lê. Ons lees in die Skrif dat ten einde ons in staat te stel om die werk te voltooi, het God 'n laat reën voorspel. 'n Laat reën om die krag vir en die voltooiing van hierdie werk reg voor die tweede koms van Christus te gee. Sonder hierdie laat reën of die uitstorting van die Heilige Gees om ons individueel te vul, vriende, sal ons verlore wees. Daarom die smeking na en 'n in diepte studie van die vraag: Is jy gereed om die Laat Reën te ontvang? Is jy gereed?

Vertaal deur: dr. *Hans Koen*

Tel: 021 872 8756, Sel: 076 689 9246

E-pos: estellie@telkomsa.net

IS JY BEKWAAM OM DIE LAAT REËN TE ONTVANG?

1. LEWE IN 'N TYD VAN 'N GEESTELIKE NOODTOESTAND

Julle weet, ons lewe in 'n tyd van 'n geestelike noodtoestand. En wanneer ek van 'n noodtoestand praat, praat ek daarvan dat dit nodig is dat ons 'n paar trompette hoor, dit is nodig dat ons 'n paar sirenes hoor, ons moet 'n paar oggendgeluide hoor. God gaan deur hierdie boodskap en deur hulle wat bekwaam is, werk. Is ons bekwaam? Is ek bevoeg om die laat reën te ontvang? Ek het baie praatjies hieromtrent gehoor. Maar ons moet na God se Woord gaan en die waarheid uitvind. Onthou, hierdie is 'n lewe en dood onderwerp. So, maak jou Bybel oop.

Daar word deesdae baie oor die laat reën gepraat en baie mense het verskillende gedagtes daaromtrent. Maar weet jy wat? Dit maak nie regtig saak wat die mense mag sê nie. Ons moet na die Bybel en die Gees van Profesie gaan en presies uitvind waarvan God praat.

In *The Great Controversy* staan: "Manne van geloof en gebed sal gedring word om met heilige ywer uit te gaan en die woorde verkondig wat God aan hulle gee" (p. 606). Die werkers sal eerder deur die salwing van die Heilige Gees bevoeg gemaak word as deur letterkundige inrigtings. God gaan mense gebruik wie Hy wil. In die laaste dae gaan mense met sodanige oortuiging en krag uitgaan dat mense gedwing sal word om te luister.

Hoekom sal dit gebeur? Omdat die tyd min word en God het gesê daar is sommige mense wat geskik gemaak sal word om die Koninkryk van God te beërwe. Daarom sal die boodskap nie deur argumente versprei word nie, maar dit sal deur die salwing van die Heilige Gees voortgaan. Die Heilige Gees bring oortuiging in die harte en lewens van mense. Miskien is dit die

eerste keer dat hulle die boodskap hoor en hulle neem standpunt in vir Jesus Christus.

Hoe jammer is dit dat baie van ons al vir jare, miskien die grootste deel van ons lewe, hierdie boodskap gehoor het en steeds niks daaromtrent doen nie. Ons beweeg steeds nie onder leiding van die Heilige Gees voorwaarts nie.

Daar is 'n werk wat moet gedoen word en dit is die werk van Johannes die Doper. Wat het hy gedoen? Dit is baie eenvoudig. Waartoe het hy mense geroep? Tot berou en inkeer en voorbereiding. Watter boodskap moet God se Laaste-Dae-Kerk aan die wêreld verkondig? Dieselfde boodskap - berou en inkeer en voorbereiding. Ons praat van die laat reën en om die oorwinning te behaal. Die boodskap moet mense ernstig voorberei om in die dag van die Here staande te bly. Vriend, is jy gereed, deur die genade van God, om in daardie dag staande te bly?

Ons het 'n boodskap om te verkondig en ons moet nie dat dit ons verskrik nie. Sommige van ons sal een of ander tyd wakker geskud moet word. Ek wil dit baie dringend stel dat ons deur die krag van die Heilige Gees moet voorberei om God te ontmoet. Dit is die boodskap. Dit is die tyd waarin ons leef.

Ons moet nie aanstoot neem wanneer ons vermaan of berispe word wanneer ons die waarheid hoor nie. Die waarheid gaan blydskap in julle harte bring. *Testimonies to Ministers* sê: "Die kerk moet tot bekering gebring word" (p. 64). Dit is niks om oor moedeloos te word nie - o, dit is nodig dat die kerk bekeer word.

Hoekom, hoekom moet ons nie onself voor die troon van genade met 'n gebroke en berouvolle hart en gees verootmoedig en ernstig smee dat die Heilige Gees op ons uitgestort word nie? Dit is regtig baie belangrik. Hoekom kan ons nie? Die kerk moet bekeer word. So, hoekom kan ons nie as 'n familie met vrymoedigheid in die troonkamer van God ingaan nie? Hoekom kan ons nie vir die uitstorting van die Heilige Gees pleit nie? Ek

praat hier van 'n storting wat ons gaan oortuig, ons oorwinning in ons lewe gaan gee, sodat ons kan leef soos Jesus wil hê ons moet leef.

In 'n geestelike noodtoestand is daar nie tyd om te verspil nie. Baie mense praat van die ontvang van die laat reën en wat dit gaan verg om dit te ontvang. Baie mense sê dit gaan outomaties gegee word aan hulle wat daarvoor vra. Met ander woorde jy hoef net te sê: Here, ek het die Heilige Gees en die laat reën nodig en dan sal jy dit ontvang. Is dit regtig hoe dit gaan werk?

Soos ek al gesê het, dit is 'n saak van lewe en dood. Mense mag mislei wees omtrent wat God van Sy kinders verwag. Iemand mag sê niemand gaan perfek wees wanneer Jesus kom nie. Dit sal nie gebeur voordat die laat reën uitgestort word nie. Dink die meerderheid mense werklik dat dit eers met die uitstorting van die laat reën is dat ons oorwinning gaan behaal. Is dit regtig hoe dit werk? Sal die uitstorting van die Heilige Gees en die laat reën werklik vergoed vir dit wat ontbreek? Is dit waaroor dit alles gaan of gaan dit oor die oorwinning vooraf en dan die laat reën?

Dit is 'n soort van onverskillige redenasie van mense wanneer hulle dink in terme van God se standaard wat Hy in Sy wêreld gestel het. Ons moet daardie standaard bereik. Baie mense sê hulle weet wat die Bybel leer en dat daar baie aanduidings is dat God 'n volk wil hê wat oorwin het. Hy wil hê ons moet oorwinning na oorwinning behaal en nooit 'n neerlaag nie. Mense sê ons sal nooit oorwinning oor sonde behaal totdat Jesus kom nie. Doen net jou bes en Jesus sal vir die res sorg.

Is dit wat die Bybel en die Gees van Profesie leer? Indien nie, sal ons 'n paar werklike veranderinge moet maak, sê hulle. Of wanneer ons dit regtig nodig het en daarvoor vra, sal God dit vir ons gee. Is dit regtig die geval en indien nie, hoekom nie?

Wat, is daar 'n paar veranderinge wat ons nou moet maak? Verwag God regtig meer as wat jy dink Hy verwag. 'n Soort van doen wat jy kan en jy

sal dit maak. Gaan die laat reën net sommer op enigeen val wat daarvoor vra wanneer daar 'n desperate gemoedstemming kom en ons God vir die laat reën vra? Is dit wat God gaan doen, so graag as wat Hy wil? Is daar ander voorwaardes om die laat reën te ontvang?

Ek glo God het 'n tyd vir en 'n doel met die uitstorting van die laat reën. Ons moet egter baie versigtig wees om al die opeenvolging van tye noukeurig aan te wys. Mense spandeer al hulle tyd en aandag hieraan en hulle vergeet van karakterontwikkeling. Hulle vergeet dat wat werklik belangrik is, is om gereed te wees vir die uur wanneer jy die wederkoms van Jesus Christus nie verwag nie.

Dit is interessant hoe die menslike natuur en die Goddelikheid saamwerk om oorwinning oor die sonde in ons lewe te behaal, volkome oorwinning oor sonde. En hoe God begeer dat ons Sy karakter aan die wêreld moet openbaar. Dit sal die wêreld verander. Dit sal teweeggebring word wanneer die Heilige Gees in ons leef. Ander mense sal dit in ons sien. Hierdie geregtigheid deur geloof werk saam. God sal Sy Gees uitstort wanneer Sy volk voor die toets te staan kom. Dan sal God se volk gereed wees om standvastig te staan. Maar as jy daardie ervaring nie nou het nie, sal jy nie in staat wees om staande te bly nie. Jy sal nie en vandag is die tyd om daardie belewenis te verkry. As hierdie boodskap deur God se volk omhels word, sal ons vind dat God se volk uit hierdie louwarm toestand geroep sal word. Daar sal 'n herlewing van ware godvresendheid onder God se laaste-dae-volk wees. Ons benodig 'n geneesmiddel vir die gif van louwarmheid, want dit is 'n gif tot die dood.

Vriend, wat 'n verandering sal in die kerk plaasvind soos ons hierdie boodskap van die laat reën en die seëling van God se volk en die harde roepstem omhels. Die dinge van die aarde sal dan verflou. Baie mense wil weet hoeveel tyd ons nog in hierdie wêreld oor het voordat hulle werklik ernstig word en hulle lewe aan God toevertrou.

Watter verskil sal dit dan maak? Ons moet nou ons saak met God regkry. Of jy 'n jaar of twee of ses jaar het, ons weet nie. Maar moet ons dan nie nou ons sake met God regkry nie? Baie wil weet hoe lank nog voordat die Sondagwet afgekondig word. Hulle dink, miskien moet ons maar vir die duiwel leef so lank as wat ons kan. Ons gaan in die wêreld leef. Ons gaan die dinge van die wêreld geniet en wanneer ons sien dinge gebeur, sal ons verseker weet ons is twyfelende Thomasse. Ons lewe nie deur geloof nie en beoefen geen geloof nie. Ons het geen belewenis nie; ons sal nie in die laaste dae staande bly nie.

Mense gaan nie kerk toe nie, ons maak grappies die hele tyd. Ons het ander dinge om te doen en ons mis geleenthede en voorregte om krag en moed bymekaar te maak vir die uur van beproewing waardeur God wil hê ons moet gaan. Wag ons vir een of ander spesiale geleentheid, tot een of ander groot gebeurtenis plaasvind.

Manuscript 35 van 1891 verklaar dat ons nie vir 'n groot gebeurtenis moet wag nie, maar ek moet my vandag aan God toevertrou. Ons moet eerstens die fondament lê en ons aan God oorgee en al die ander dinge sal begin bykom. Is jy regtig bevoeg om die laat reën te ontvang? Ek hou van Openbaring 22:17 wat sê: **Laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.** Ek moet soos nog nooit vantevore aan God se Woord aandag gee. Dit is nie die oppervlakkige leser wat dit deur die tyd van benoudheid gaan maak nie. Ek moet die oorwinning behaal. Ek moet groot veranderinge in my lewe maak as die hemel my tuiste sal wees.

Die hartseerste woorde is wanneer Jesus na ons sal kyk en sê: **Ek ken julle nie.** - Matt. 25:12. Hoekom ken hy ons nie? Wat het gebeur? Ons bely Sy Naam, ons gaan kerk toe, ons betaal ons tiendes, maar hoekom kan Hy sê, **Ek ken julle nie?** Dit is iets waaraan ons noukeurig aandag aan moet gee. God het belowe om ons in hierdie laaste dae meer lig te gee. Maar die hartseer gedeelte is dat dit op blinde oë, wat nie kan sien nie, gaan val. Sy belofte om ons meer lig, meer bemoediging, meer krag en

woorde van waarskuwing te gee, gaan op ore val wat nie hoor nie, omdat hulle in hul weë vasgevang is.

Mense dink die hemel is 'n geringe saak. Jy kan maar net die dobbelsteen ja, ek sal dit maak, of nee, ek sal dit nie maak nie, gooi. Daar is 'n dringende boodskap dat ons dit nou met God moet regmaak, terwyl ons nog die geleentheid en die voorreg het om dit te doen. Bou 'n verhouding met Hom soos nooit vantevore nie - ons sal dit nodig hê.

Jy weet hoe mismoedig jy word wanneer daar niks in jou lewe gebeur nie. Jy sien af van God, jy sien af van die waarheid wat jy geglo het die waarheid is. Wel, wat gaan gebeur as dinge regtig begin gebeur? Watter soort belewenis het jy? Ons moet versigtig wees dat die hemel se deur nie binnekort voor ons gaan sluit nie. Hoekom? Omdat ons onbevoeg is om in te gaan. As ons nie kan ingaan nie, gaan ons in die buitenste duisternis uitgewerp word.

2 Timotheüs 3:4 sê mense gaan in die laaste dae meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God wees. Hulle het 'n gedaante van wat? Van godsaligheid en godvresendheid. Dit beteken hulle het die uiterlike karaktertrekke van 'n Christen, maar hulle ontken die krag van God om my en jou lewe te verander om oorwinning oor sonde te hê.

Ons ontken daardie krag. Ons gaan kerk toe en gaan huis toe en ons dink alles is reg en dit is nie. Here, help ons! Dit is iets fantasties om aan die hemel te dink en om daar te wees. As ons maar net kan beseef wat die hemel is. Dit is heiligheid; dit is die teenwoordigheid van God. Ons moet daardie soort verhouding hê. Ons moet sonder sonde wees. Maar ons het die laat reën nodig. Ons moet geseël wees.

Ek dink Esegïël het 'n goeie sethou geslaan, as ons dit so kan stel, waar hy in Esegïël 33 vers 31 sê: **En hulle kom na jou toe soos 'n volk saamstroom en sit voor jou as My volk en hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie; want hulle maak liefdesverklaringe met hulle mond, maar hulle harte gaan agter hulle onregverdige wins aan.** Hulle sit voor

Esegiël as God se volk. Hulle hoor Esegiël se woorde, maar hulle gaan dit nie doen nie. Gebeur dit vandag in jou kerk? Hulle hoor die woorde, maar hulle weier om dit te doen. Hulle hart gaan agter hulle begeertes aan. Baie mense praat van liefde, maar hulle harte is op 'n ander plek. Hulle sit deur die diens, maar hulle is nie werklik bekeer nie; hulle is nie werklik wedergebore nie.

Vriend, ons lewe in 'n uur wanneer die seun van die mens kom. Ons vind dit in Mattheüs 25. Daar is nou 'n rede hiervoor. Alhoewel jy dit al jou hele lewe lank hoor, maak jou ore in die Naam van Jesus oop. Jy moet hoor wat gesê word, omdat dit uit God se Woord is. Jy ken die gelykenis van die Tien Maagde in Matt. 25. Verstaan mooi, die maagde vertel vir ons van die ervaring van God se kerk voordat Hy vir die tweede keer terugkom. Die tien maagde verteenwoordig God se kerk voor Sy wederkoms. Die klem van die gelykenis het met twee sake te doen nl. voorbereiding en gereedheid.

Ek glo ons misluk om voor te berei. Onthou, nie 'n enkele persoon sal deur die tyd van benoudheid sonder die laat reën gaan nie. Hulle sal daarsonder nie die werk kan doen wat God wil hê hulle moet doen nie. Ons kan nie deur die lewende God geseël word, tensy ons die laat reën ontvang nie. Die belangrikheid hiervan is vir die Christen oorweldigend.

Ons spandeer baie min tyd hieraan, omdat die duiwel ons met enigiets anders besig hou. Ons gaan die ewige lewe verloor as ons nie ons lewenstyl verander en doen wat vir ons belangrik is nie.

Dan is daar diegene met hulle klein lampies. Psalm 119:105 sê: **U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.** 'n Lamp vir my voet en 'n lig vir my voet en elkeen het 'n klein houder wat hulle veronderstel olie in het. Olie verteenwoordig die Heilige Gees.

Die tien maagde het gewag en gewaak. Maar daar het iets gebeur. Die bruidegom kom nie en hulle het 'n bietjie moeg geword en aan die slaap geraak. Dit verteenwoordig die louwarm kerk. Toe die geroep weerklink

dat die bruidegom kom, het hulle opgestaan en hulle lampe gereed gemaak. Maar vyf het nagelaat om hulle lampe met olie vol te maak. Hulle was nie vir 'n noodtoestand voorbereid nie. Is dit nie wat God se volk in hierdie laaste dae moet hoor nie?

Die vyf verstandiges was nie selfsugtig toe hulle nie vir die ander vyf wou olie gee nie. Onthou, jy kan nie met iemand anders se karakter hemel toe gaan nie. Karakter is nie oordraagbaar nie. Die vyf onverstandiges het toe olie gaan koop en intussen het die bruidegom gekom. Toe hulle terugkom by die huis, was die deur gesluit.

Wat het hierdie vyf onverstandiges in die kerk gedoen? Hulle het die boodskap van 1 Thessalonicense ontvang: **Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.**

Dit is hoe dit altyd was. Ons moet na God se Woord luister. Ons moet wakker wees. Onthou, dit is in die tyd van 'n krisis dat die karakter geopenbaar word.

Die groot, finale toets kom met die sluit van die genadedeur vir die mens. Teen daardie tyd is dit te laat om olie te koop, dit is te laat om enige hulp te kry. Dit is verby. Vriend, is jy bevoeg om die laat reën te ontvang? En wat is hierdie vereistes? Is God regtig presies en noulettend soos blyk uit Sy woorde? Die Bybel sê die Bruidegom het om middernag gekom – die donkerste uur. So sal Jesus in die donkerste tyd van hierdie aarde se geskiedenis kom. Jesaja 60:2 sê: **Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke.** Ons gooi Jesus uit alles. Die wêreld verstaan nie die waarheid omtrent God se karakter nie. Ons dink ons kan deur die lewe gaan deur net goed te wees. Elke daad, elke gedagte, elke handeling, alles wat ons vir iemand anders doen, sodat die hemel ons kan goedkeur.

Wel vriend, so baie keer is hierdie goed doen van ons vir die hemel 'n teleurstelling. Jesaja 64:6 sê: **Ons beste dade is soos vuil klere.** Wat

van jou? Ek wil nie 'n teleurstelling wees nie. Ek wil 'n uitverkore werktuig wees wat God kan gebruik. Ons kan nie aan andere meedeel wat ons nooit ontvang het nie. Die waarheid en die bewyse van die Heilige Gees wat in ons woon, moet van ons na andere vloei. Het ons waarlik daardie soort liefde?

Ons moet ligte in die wêreld wees. Die Here het nie gesê Hy wil hê ons moet skyn nie. Hy sê: **Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.** - Matt. 5:13.

Daar is vier dinge wat ons in ons daaglikse lewe moet implementeer. Dit sal ons help om voorbereid te wees in 'n uur van geestelike nood:

Eerstens: Ons moet meer intieme gesprekke en noue kontak met ons hemelse Vader hê. Wat beteken dit? Ons moet meer tyd met Hom spandeer. Ons moet meer met God verkeer, meer sielsgemeenskap hê. Ons moet Hom leer ken. Sy eienskappe, Sy karakter. Wie Hy is. En weet jy wat, jy sal op Hom verlief raak, jy sal in Sy voetspore wil volg. Dit sal jou lewe, jou geaardheid en jou sienswyse verander. Spandeer tyd en gesels met Hom soos met 'n vriend.

Tweedens, ons moet die Gees van Profesie bestudeer. Ons moet die karakter van God bestudeer, omdat ons dieselfde soort karakter moet hê as die hemel ons tuiste sal wees.

Derdens, ons moet leer om God soos nooit vantevore te vertrou. Ons praat hier van die uitstorting van die laat reën; ons praat van die klein tyd van verdrukking; ons praat van die groot tyd van benoudheid; ons praat van die Sondagwet; ons praat van die oordeel van die lewendes, die gestorwenes. Ons moet leer om Hom in die goeie en die slegte tye en in beproewinge te vertrou.

Vierdens moet ons meer as net 'n kunsmatige belewing met Jesus hê. As dit slegs 'n oppervlakkige belewenis is, gaan ons dit nie maak nie, dit gaan onder druk verkrummel.

Die werk van voorbereiding is 'n individuele werk. Wat beteken dit? Jy kan dit nie vir my doen nie. Ek kan dit nie vir jou doen nie. Jy kan dit nie koop nie. Dit kom van die Heilige Gees.

Testimonies to Ministers, p. 508, sê ons moet deur gebed en geloof voortdurend meer van die Heilige Gees soek. As ons ons pogings staak, as ons ophou om vir die Heilige Gees te pleit, sal ons nie vooruitgang maak nie. Ons moet groei in Jesus. Ons moet onself in kanale plaas waar ons die vroeë en die laat reën kan ontvang. Hierdie verantwoordelikheid lê voor ons eie deur. Die kanale waarin ons ons kan plaas om die vroeë en die laat reën te ontvang is die byeenkomste in die kerk, in kerkkampe, in huiskerk byeenkomste. Alle geleenthede waar daar persoonlike arbeid vir die wen van siele is.

Die blote bywoning van byeenkomste op sigself, sal nie die seëninge bring nie. God Homself moet die reën beveel om te val. Ons moet onself in die posisie plaas om met Hom kameraadskap te hê. Leer om Hom te vertrou. Bestudeer Sy karakter. Vra vir 'n beter belewenis van Hom as wat jy nou het. Woon die kerk en kerkkamp byeenkomste by. Plekke waar die vroeë en die laat reën uitgegiet gaan word.

Vriend, God sal nooit Sy seël op die voorhoof van 'n onrein man of vrou, op die voorhoof van mans en vrouens met vals en bedrieglike harte plaas nie. Die karakter van Christus moet in hulle lewe gereproduseer wees. Voor God moet hulle kandidate vir die hemel wees.

1. Kenny Shelton: *Behold the Lamb Ministries*.

2. GESKIK OM IN DIE AANGESIG VAN GOD TE LEWE

Hoe kan ons geskik wees? Wat moet in ons harte en ons lewens plaasvind? Gaan ek die laat reën belewenis ervaar of nie? Wat gaan dit van my verg om die laat reën te ontvang? Verstaan mooi, as ek nie die laat reën ontvang nie, gaan ek dit nie hemel toe maak nie. Dit is hoe belangrik dit is. Stort God dit maar net uit op enigeen wat gevra het of is daar voorwaardes?

1 Johannes 3:8 sê: **Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel.** Ware godvresendheid begin nie voordat alle kompromie met sonde tot 'n einde gekom het nie. Laat dit baie duidelik by ons insink, ons deurtrek. Lewe jy 'n godvresende lewe sonder sonde deur die genade van God? Ons moet diep oor hierdie Skrifgedeelte nadink. Bedoel God wat Hy sê of neem ons 'n jakkalsdraai en sê: Ja, God sê dit, maar

Wees versigtig, want Spreuke 25:4 sê: **Verwyder jy die skuim uit die silwer, dan sal daar vir die silwersmid 'n voorwerp uitkom.** Waarvandaan verwyder jy die onsuiverheid, die skuim? Wat sal die silwer dan wees? Suiwer. Waarna verwys dit geestelik? Dit verwys na God se volk, dat alle skuim of onsuiverheid van ons verwyder moet word, sodat God kan voortgaan om ons te gebruik en ons vir die hemel voorberei.

Wat is die skuim? Psalm 119:119 sê: **U ruim al die goddelose van die aarde weg soos skuim.** Wat van die goddelose? Wel, die goddelose van die aarde is soos skuim. Jy wil nie die skuim soos die goddelose wees nie. So, wat beteken skuim werklik?

In Hebreeus verwys dit na "mis" onsuiverheid. Die "mis" moet uit ons lewens verwyder word. Mis het te doen om dit waartoe God ons bestem het te verwerp of weier om God te gehoorsaam.

Efesiërs 5:27 sê: **Sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig**

en sonder gebrek sou wees. So wat moet ons oorwin? Elke vlek of rimpel [kreukel], plooi of iets dergeliks. Lees verder: **heilig en sonder gebrek sou wees.** Dit beteken 'n heilige volk - onberispelik, smetloos.

God sê vir ons Sy volk gaan heilig en sonder gebrek wees, sodat Hy Sy Gees op hulle kan uitstort, dat Hy hulle kan toerus en gebruik om die werk af te handel. Gee die harde roepstem, maak die werk klaar dat Jesus kan kom.

Wat sê God wat moet ons wees? **Uitverkore werktuie** (Handelinge 9:15). Hierdie werktuie moet van buite en binne skoon wees, sodat Hy ons met Sy Heilige Gees kan vul. Ons moet elke dag skoon wees. God het ons bestem om elke dag deur Hom, nie onself nie, oorwinnende lewens te leef. Dan sal die laat reën aan ons gegee word. Dan sal ons **voorwerpe tot eer wees, geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei vir elke goeie werk.** - 2 Tim. 2:21.

Wow! Dit is 'n wonderlike uitdaging. Kom ons voeg nog iets by. Jesus sê in Matt. 5:48: **Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.** In Heb. 6:1 sê Paulus **na die volmaaktheid voortgaan.** Is dit wat Paulus regtig bedoel: Na volmaaktheid voortgaan? Ja, gaan voort na volmaaktheid. Nou kom Jakobus ook by en sê: **Sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie** (1:4).

Die Bybelskrywers en Jesus sê presies een en dieselfde ding omtrent hoe Sy volk en hulle lewens moet wees. Jesus sê nie dat wanneer Hy kom Hy dit wat kortkom, sal aanvul nie.

Wanneer ons die woord "volmaak" sien, beteken dit om sonder sonde te lewe, want volmaak in die Bybel beteken volmaak. Om sonder sonde te lewe. O, die plan van verlossing omvat vir my volkome bevryding. Volkome herstel van die krag van die vyand. Die Here wil hê dat ons uit die greep van die duivel moet kom. 1 Johannes 3:8 sê: **Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duivel te verbreek.**

Wat ons dus nou nodig het, is die karakter van Christus. Dit is baie belangrik dat ons Sy karakter moet hê. Ons kan nie maar net aan en aan en aan voortgaan nie. Ons sondig en vra vergifnis en ons gaan voort en lewe soos die wêreld. Ons praat en ons tree op soos die wêreld en Jesus soek 'n volk soos Hy. Jesus wil hê ons moet heilig en toegewyd wees. Dank die Here Hy will!

Ons moet steeds aan soveel meer lapwerk of regstellings aandag gee. In Romeine 6:18 staan: **Vrygemaak van die sonde**. Hoe is dit dan dat ons steeds sonde doen? Daar moet iets wees wat ons nou al vir 'n lang tyd mis. Wat van Kolossense 4:12 waar Paulus sê: **Dat julle volmaak en volkome mag staan in die ganse wil van God**. Dit klink nie of ons deels vir die duiwel en deels vir Jesus lewe as ons volmaak in die wil van Jesus is nie.

Dit is nou die tyd om vir God se seël voor te berei, omdat ons die seël van die lewende God moet hê (vgl. Openb. 7:2). Ons sal die Heilige Gees binne die laat reën belewenis moet hê. As jy nie die seël van God het nie, kan jy nie hemel toe gaan nie.

Die Gees van Profesie sê: "Die seël van God kan nooit op die voorhoof van 'n onsuiver man of vrou geplaas word nie of die voorhoof van 'n ambisieuse, wêreld-liefhebbende man of vrou nie." - *Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 216. Wat beteken 'n ambisieuse wêreld-liefhebbende? Die seël van God kan nie geplaas word op die voorhoof van iemand in die wêreld wat net vir die wins en dinge van hierdie wêreld werk nie. Hulle werk vir roem, vir mag, vir rykdom in hierdie wêreld. Dit is al wat in hulle gedagtes is.

Verder sê die Gees van Profesie: "Dit sal nooit geplaas word op die voorhoof van mans en vrouens met vals tonge en bedrieglike harte nie"- *Testimonies*, vol. 5, p. 216. Dit sal nooit geplaas word op hulle wat bedrieërs, hulle wat leuenaars, hulle wat vals en oneerlik is nie. So laat iemand die tromgeroffel laat hoor.

Vriend, is jy sonder vlek of rimpel of iets dergeliks? Met dit in ons lewens kan God nie vir ons die laat reën belewenis gee nie; ons kan nie die luide

wekroep gee nie; ons kan nie deur die klein tyd van benoudheid of die groot tyd van benoudheid, die Sondagwet en al die dinge wat aan die kom is, gaan nie. Dit word aan ons oorgelaat om dit alles deur die genade van God reg te stel. Die gebreke in ons karakters moet ons na Jesus toe neem, aan Hom toewy om te suiwer, om die sieletempel van elke besoedeling te suiwer. Verstaan dit: Dan sal die laat reën op ons val. Wanneer sonde weg is, sal die laat reën op ons val soos op die dissipels met Pinkster. Ek wil daardie Pinkster belewenis hê. Wat van jou? Maar God belowe 'n groter mate van krag en sterkte en oorwinning in die laaste dae. Hy wil Sy volk seël.

God wil hê ons moet die luide wekroep gee, want die wêreld moet ontwaak omtrent wat in die wêreld gebeur. In *Christ's Object Lessons*, p. 316, staan: "Christus se geregtigheid sal nie 'n enkele gekoesterde sonde bedek nie." Sonder Sy geregtigheid, Sy kleed van geregtigheid, Sy oorwinnings kan ons nie hemel toe gaan nie. Wat is 'n gekoesterde sonde? Dit is daardie sonde wat jy nie wil laat staan nie, wat jy nie aan Hom wil oorgee nie.

Waar begin dit alles? Dit begin wanneer jy jou lewe onvoorwaardelik aan Jesus gee. Heb. 4:7 sê: **Vandag as julle Sy stem hoor, verhard julle harte nie.**

Desire of Ages, p. 323, maak hierdie verklaring: "Dit is nie slegs deur weerstand nie, maar deur versuim dat die siel vernietig word. Ons is onvoorbereid vir die tyd waarin ons leef. Die duiwel hou ons besig, sodat ons nie kan voorberei nie. Ons moet na, wat ons noem waarheid vir die huidige tyd, terugkeer. Petrus praat daarvan in 2 Petrus 1:12. Hy het gesê: **Daarom sal ek nie nalaat om julle altyd hieraan te herinner nie, alhoewel julle dit weet en vasstaan in die waarheid wat by julle is.** Hier is 'n boodskap vir God se volk nou.

In *Early Writings*, p. 71, staan: "Ek het gesien dat baie die voorbereiding wat so nodig is, nalaat en vir watter tye wag ons? Verfrissing en die laat reën."

Ons ken die titel van hierdie boodskap: *Geskik om in die aangesig van 'n heilige God te staan*. So, ons kyk vooruit om in Sy aangesig te lewe. O, hoe baie sal daar in die tyd van benoudheid sonder 'n skuilplek wees! Hulle het geen hulp nie. Hulle het die noodsaaklike voorbereiding nagelaat. Hulle kon nie die verfrissing, die laat reën, kry nie.

Ten einde die laat reën te ontvang moet ons sieletempel gereed wees om die krag van God te ontvang.

Ons moet elke dag die bekeringsbelewenis deur God hê. Ons moet elke dag ons lewe aan Hom toewy.

Ons moet God elke dag vra om ons volkome oorwinning oor die eie-ek en oor sonde te gee. Hierdie kruik moet sonder vlek of smet wees, sodat God my met Sy Gees kan vul. As daar een onbelyde sonde in my lewe is, kan Hy vir my nie die krag van die Heilige Gees gee nie. Is dit nie vreeslik nie? Dit gee ons stof tot nadenke.

Ons moet ooreenkomstig elke ligstraaltjie wat ons het, lewe. Ooreenkomstig elke ligstraaltjie wat God op ons lewenspad laat skyn en dan vir meer smeek. Daar is so baie mense wat die waarheid weet en dan weier om dit te doen. Vriend, dit is waarvan ons praat om 'n heilige lewe te leef, sodat ons God se stem kan hoor en daarop reageer.

Wanneer jy werklik bekeer is, sal jy 'n siele wener vir Jesus wees. Jy is 'n lewende getuie vir Sy eer en Sy karakter. Dit is wonderlik. Dink diep daaroor na!

Wat beteken reën? In die Bybel verteenwoordig reën die Heilige Gees. In Sagaria 10:1 staan: **Bid tot die Here om reën in die tyd van die laat reën.** In Jes. 44:3 lees ons: **Want Ek sal water giet op die dorstrand**

en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge.

Wat is die doel van die vroeë reën? Die vroeë reën is noodsaaklik omdat dit wat doen? Die vroeë reën wat op ons kom, maak ons harte sag, soos die grond, en maak ons vir God se Woord ontvanklik. Na die versagting van die grond, die hart, ploeg jy en jy begin die Woord van God in die hart saai. Dan volg die ontkieming van die saad en dit begin uitspruit, dit begin groei. Die doel nou van die laat reën is om die saad ten volle te laat ryp word. Daar kan geen oes sonder die laat reën wees nie.

Markus 4:28 sê: **Want vanself bring die aarde vrug voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar.** Die Woord van God begin groei, spruit uit en word ryp vir die oes. So word die Heilige Gees gegee om die proses van geestelike groei van een stadium na die volgende te neem.

Die Heilige Gees, die vroeë- en die laat reën, word gegee, sodat ons van een stadium na die volgende kan ontwikkel. Hierdie ontwikkeling is iets wonderliks. Vriend, is jy gereed om met Jesus te groei?

Ons het hier 'n tweevoudige werk. Die Heilige Gees moet die grond voorberei. Wat is die grond? Die mense vir die laaste, groot en finale oes. Wat is die oes? Die oes van siele.

Sommige mense sê die vroeë reën was aan die dissipels en die vroeë kerk gegee. Dit was nie slegs aan die vroeë kerk gegee nie, dit gaan tot aan die einde van tyd voort. Jy moet die vroeë en die laat reën hê, selfs tot baie naby aan die sluit van die genade deur. Wanneer mense Jesus aanvaar, sal die vroeë-reën-belewenis hulle help om oorwinning oor alle sonde te behaal.

Die vroeë reën duur voort deur die hele Christelike ervaring. Gedurende die laaste dae sal die laat reën of tyd van verfrissing, wat ons van God nodig het, uitgestort word. Dit is die Heilige Gees in groot oorvloed.

Hierdie doop van die Heilige Gees bemagtig God se volk om die luide wekroep te gee.

Ons het nou die geleentheid vir voorbereiding. As ons dit uitstel, sal ons onvoorbereid vir die tyd van benoudheid wees. Ons karakters sal onontwikkel wees en daar sal geen geestelike krag wees nie. Ons sal nie kan vasstaan nie. Ons liefde en ons geloof is nie ontwikkel nie en dit sal nie tot die einde kan deurstaan nie.

O, daar rus 'n swaar verpligting op diegene wat wil hemel toe gaan, wat 'n herehuis wil hê, wat tyd met Jesus in die ewigheid as 'n beloning wil spandeer. As ons werklik wedergebore is, sal ons uitgaan en siele vir Jesus wen, sal ons die wêreld van Sy spoedige wederkoms waarsku.

Terwyl ons gereed maak, soos ons Sy krag ontvang, sal God se karakter aan die wêreld verdedig word. Sy karakter sal bekendmaak en verheerlik word.

Lees hierdie kragtige woorde in *The Great Controversy*: "Ons Heiland het selfs nie deur 'n enkele gedagte aan die krag van versoeking toegegee nie. Daar was geen sonde in Hom wat Satan tot sy voordeel kon gebruik nie. Dit is die toestand waarin diegene moet verkeer wat in die tyd van benoudheid staande wil bly" (p. 623). Gaan jy in die tyd van benoudheid staande bly? Jy sê ja. Dan sal jy soos Jesus moet wees - dit is die voorwaarde.

"God se volk sal deur vurige beproewings getoets word en die grootste gedeelte wat nou as eg en getrou voorkom, sal as onedel metaal geopenbaar word."- *Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 136. Ons praat van die Sondagwet. Mense sê ons het Jesus lief. Ons wil hê Jesus moet kom, maar maak daarvoor geen voorsiening nie. Ons kan dit nie maak nie. Ons gaan deur die beproewings verbrand word, tensy ons 'n belewenis met Jesus gehad het.

The Great Controversy sê die volgende: "Wanneer die wet van God nietig verklaar word, sal die Kerk deur vurige beproewings gesif word en 'n groter gedeelte as wat ons nou voorsien, sal op verleidende geeste en leerstellings van duiwels ag slaan" (p. 257). God se volk is veronderstel om die waarheid te ken.

In Hand. 4:33 staan: **En groot genade was oor hulle almal.** Ons het hierdie genade nodig. Ons moet die vroeë- en die laat reën met die voorwaardes hê: Ons moet sonder vlek of kreukel wees, nie 'n vlek, nie 'n klad op ons karakter, in ons lewe voordat ons die laat reën kan aanvaar nie. Daarsonder sal ons dit nie maak nie; ons kan nie deur die tyd van benoudheid gaan nie; ons karakter moet nou gereinig word. Sonder Jesus sal ons in 'n oomblik verteer word. Maar die tyd sal kom wanneer Sy karakter in Sy volk volmaak sal wees. Wel vriend, deur Hom te aanskou, nie langer jou gedagtes nie, nie langer jou gemoed nie, maar die gemoed van Jesus te leef.

Is jy daarvan bewus dat ons moet verander? O, ek is. Dit is 'n sware plig. O, Here, help ons dat ons sonde kan laat staan, sodat ons in die aangesig van 'n heilige God kan leef.

2. Kenny Shelton: *Behold the Lamb Ministries.*

3. *HOE OM DIE TEKORTKOMINGE IN JOU KARAKTER REG TE STEL*

Wat is die enigste ding wat ons saam met ons hemel toe kan neem"? Die antwoord is karakter. So ons karakter moet soos Jesus s'n wees. Dit word deur die Bybel gerugsteun. Dit word deur die Gees van Profesie gerugsteun. Hierna volg selfondersoek.

Jy moet eerstens besef dat jy 'n paar probleme het en dat jy in hierdie areas oorwinning moet behaal. Nou, hoe gaan jy dit bewerkstellig?

'n Artikel in *Review and Herald*, 22 Maart 1887, sê: "'n Herlewing van ware godvresendheid onder ons is die grootste en dringendste behoefte." Daar moet 'n ernstige poging wees om die seëninge van God te verkry. Jy kan nie maar net agteroor sit nie. Onthou, God wil en Hy is gewillig om Sy Gees aan ons te skenk, maar ons is heeltemal onvoorbereid om dit te ontvang. Dit is die probleem. God wil Sy Gees uitstort, maar ons is onvoorbereid om dit te ontvang.

Besef jy dat jou dringendste behoefte is nie 'n motor en 'n huis en grond nie. Dit is jou verhouding met Jesus Christus. Het jy al ooit so daaraan gedink? Weet jy dat die vyand op en wakker is en dat hy agter jou en my aan is? Wat is dit wat die duiwel die meeste vrees? Hy vrees dat God se volk die weg kan voorberei om sonde uit hulle lewe te verwyder, sodat God die laat reën kan uitgiet. Hy is bevrees dat jy en ek vuur en vlam vir Jesus sal word. So, hy gaan alles in sy vermoë binne die kerk doen om verdeeldheid en verwarring te saai. *Review and Herald*, 22 Maart 1887, sê die volgende: "Wanneer die weg vir die Gees van God voorberei is, sal die seën kom." Die seën van God het nog nie in sy geheel en sy volheid gekom nie, daarom moet iets in die pad staan.

Hoe gaan die seën kom? Wanneer die volk van God met onderworpe en berouvolle harte hulle sonde bely en laat staan en in geloof die seën opeis. Dit is wat ons moet doen as ons die Gees van die krag van God en die laat-reën-belewenis wil hê. Jy moet nie die sonde binne jou bereik opsyt waar jy weer daarna kan uitreik nie. Jy moet die oorwinning behaal.

Baie, baie sal verlore gaan, omdat hulle nie hul Bybels bestudeer het nie. Ons moet die Bybel met ernstige gebed tot God bestudeer dat die binnekoms van die Woord van God ons lig en begrip kan gee. Baie gaan verlore wees. Hoekom? Omdat hulle nie elke dag die Woord van God bestudeer en op hulle knieë pleit dat God hulle moet leiding gee, sodat hulle Sy Woord kan verstaan nie.

Vriend, dink jy regtig jy verstaan Sy Woord goed genoeg of moet jy God elke dag ywerig soek deur Sy Woord te lees. Ons is onbevoeg om die Heilige Gees of die laat reën te ontvang. *Early Writings*, p. 71, sê: "Niemand kan deel hê aan die verfrissing van die laat reën, tensy hulle oor elke boesemsonde die oorwinning behaal het nie." Wat is hierdie boesemsonde hier? Dit is iets wat jou voortdurend teister. Is die duivel voortdurend besig om jou te teister, so asof jy nie oorwinning kan kry nie en jy moeg word om die stryd te stry?

Moenie mismoedig word nie. Hou aan om die goeie stryd van die geloof te stry. Waarteen moet jy stry? Trots, liefde vir die eie-ek, selfsugtigheid, liefde vir die wêreld, die dinge van die wêreld. Moenie mismoedig word nie. Gee dit vir God, Hy sal jou die oorwinning gee. Ons moet oorwinning oor elke verkeerde woord en daad kry om die laat reën te ontvang en vir die hemel gereed te wees. Ons moet die oorwinnings deur die bloed van Jesus Christus behaal.

Elkeen van ons het iets wat ons God moet vra om werklike oorwinning oor te behaal. Ons moet by God pleit en bid vir die laat reën, wat niemand, niemand gaan die seël van die lewende God kry, terwyl ons karakters 'n vlek of 'n klad op het nie. Ons moet die tekortkoming in ons karakter regstel. Ons kan dit egter nie op ons eie doen nie. Ons moet ons aan Jesus Christus oorgee, dan sal die laat reën op ons val soos die vroeë reën op die dissipels geval het.

God sal nie die geringste kompromie met sonde maak en so 'n weg vir die duivel oopmaak, sodat sonde weer na die hemel geneem kan word en dieselfde gemors weer begin nie.

Hierdie lewe het 'n toets, 'n toets waar jy die ewige lewe gaan deurbring. Elke toets waarvoor die duivel ons te staan bring, moet ons deur die genade van God oorwin. Dit is hulle wat die laat reën gaan ontvang. In Matt. 5:29 en 30 staan: **As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af. En as jou regterhand jou laat**

struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af. As enigeen van ons gewillig is om dit wat ons laat struikel, op te offer, om die eie-ek op te offer, wat dit ook al verg, kan die hemel ons tuiste wees.

Die Heilige Gees sal ons help om die tekortkominge in ons lewens reg te stel. Dit sal baie meer verg as om 'n Christen te wees en kerk toe te gaan. Dit strek veel dieper. Ons sal 'n ernstiger poging moet aanwend. Ons sal nie in die hemel ingly nie. Ons gly afdraand en ons word afvallig. Die eerste ding wat ons elke dag moet doen as ons oorwinning oor die tekortkominge in ons karakter wil verkry, is om ons wil aan God oor te gee.

Vriend, as jy nie jou wil aan God oorgee nie, sal jy nie deel hê aan die verfrissing van die uitstorting van die laat reën, die Heilige Gees, nie. Hoekom my wil? Die wil is die beherende krag in die natuur van die mens. Jy sal in voortdurende gevaar wees totdat jy die ware krag van die wil verstaan. As jy nie alreeds die ware krag van die wil verstaan nie, is jy in die moeilikheid. Jou aandeel is om jou wil aan die kant van Christus te stel. As jy jou wil oorgee om Syne te wees, sal Hy onmiddellik van jou besit neem.

Dink vandag daaraan: Here, ek wil hê U moet my wil neem. Ek wil nie teen U stry nie, ek wil aan U onderworpe wees. Dit is 'n beherende krag van die natuur van die mens en ek gee dit vandag vir U, Jesus.

Moenie sê dat jy nie kan nie. Die Here het belowe dat die Heilige Gees in elke besliste poging sal help. Is dit nie wonderlik nie? Kom met vasberadenheid deur die krag en Gees van God en verbind jouself aan Jesus.

Niemand, maar niemand kan die karakter op sy eie hervorm nie. Karakter is wat jy is. Jy besef vandag dat jou karakter deur sonde geruïneer is. Jy mag dink dit is nie belangrik om jou wil aan God oor te gee nie. Jy moet dit aan God onderwerp, anders gaan die vyand dit oorneem. Filippense 2:13 sê: **Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae.** In Psalm 113:13 staan: **Deurgrond my, o God, en**

ken my hart; toets my en ken my gedagtes. Luister ons na die woorde **ken my hart en ken my gedagtes?** Dit is pragtig. Gee vandag vir Jesus hierdie toestemming deur Sy genade.

"Deur Jesus voortdurend met die oog van geloof te aanskou, sal ons versterk word. God sal die kosbaarste openbarings aan Sy volk wat daarna honger en dors, gee. Hulle sal vind dat Christus 'n persoonlike Verlosser is. Soos hulle op Sy Woord voed, sal hulle vind dat dit gees en lewe is. Die Woord vernietig die aangebore, wêreldse natuur of geaardheid en gee 'n nuwe lewe in Jesus Christus." - *Desire of Ages*, p. 391. Dit is die sleutel tot oorwinning op 'n daaglikse basis. Dit is baie eenvoudig, die Woord, die Woord van waarheid vernietig die aangebore, wêreldse natuur of geaardheid. Luister vriend, die Woord van God vernietig die aangebore, wêreldse natuur en gee 'n nuwe lewe in Jesus Christus. Dit is opwindend.

Dit is hoekom die duiwel nie wil hê jy moet die Woord lees nie. Hoekom? Omdat dit die wêreldse in jou sal vernietig en jou in die hemelse gewoontes sal plaas vir Jesus om in jou hart in te kom. Psalm 119:11 sê: **Ek het U Woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.**

Ek glo God is besig om Sy volk stap vir stap te lei en hulle in situasies te bring wat daarop bereken is om hulle harte te openbaar. Het jy al ooit gewonder hoekom iets in jou lewe gebeur? As jy 'n kind van God is, lei Hy jou tree vir tree en met elke tree openbaar Hy iets van jou karakter en met elke tree sal ons die oorwinning behaal. Maar wees versigtig, ons mag oorwin word en so getoets word. Dit bring ons egter 'n bietjie nader daaraan om te sien hoe ons in Jesus Christus groei.

Vriend, besef jy daar is werk vir ons om te doen. Vertel van die drie engele se boodskappe, die merk van die dier, onthul die man van sonde. As ons hierdie werk verwerp, gaan God ons verwerp. Dit is hoe belangrik dit is.

In *The Great Controversy*, p. 393, staan: "Alleen diegene wat hulle verstand versterk het met Bybelse waarhede, sal staande bly in die groot

stryd." Wat beteken dit? Niemand wat nie hulle verstand versterk het, niemand van ons wat nie 'n beskerming rondom ons gebou het, sal teen die aanvalle van die vyand staande bly deur die laaste, groot konflik nie. Hoe versterk jy jou verstand? Spandeer tyd met Jesus, spandeer tyd in Sy Woord.

As jy nie jou verstand met die waarhede van God se Woord versterk het nie, gaan jy nie in die laaste groot konflik staande bly nie. Wil jy daardie krag vandag hê? Ons moet groot sorg aan die dag lê in verband met die waarhede en waarskuwings wat vir ons in die Skrif duidelik gemaak is.

"Voor Sy kruisiging het die Heiland aan Sy dissipels verduidelik dat Hy sou sterwe en uit die graf sou opstaan. Daar was engele teenwoordig om Sy woorde op die verstand en harte van Sy dissipels te druk, maar hulle het uitgesien na die verlossing van die Romeinse juk in 'n tydelike sin en hulle kon nie die gedagte verdra dat Hy, op wie hulle hoop gevestig was, 'n skanddood moes sterf nie. Die woorde wat hulle moes onthou het, is uit hulle gedagtes verban en toe die tyd van beproewing kom, was hulle daarvoor onvoorbereid. Die dood van Jesus het hulle hoop so volkome vernietig, asof Hy hulle nooit vooraf gewaarsku het nie. So word die toekoms ook aan ons geopenbaar in die profesieë - net so duidelik as wat dit aan die dissipels deur die woorde van Christus geopenbaar was. Die gebeurtenisse in verband met die sluiting van die genadetyd en die voorbereiding vir die tyd van benoudheid word duidelik geopenbaar. Maar daar is menigtes wat so min begrip van hierdie belangrike waarheid het, asof hulle nooit geopenbaar is nie. Satan lê op die loer om elke indruk wat mense tot saligheid wys kan maak, uit te wis en die tyd van benoudheid onvoorbereid sal vind. - *The Great Controversy*, p. 594.

Is jy in die gebeure wat met die sluit van die genadedeur verband hou, geïnteresseerd? Wel, ek is. En in die werk van voorbereiding? O, ek is. En in die tyd van benoudheid? Ja, ek is. Ons moet die Woord van God bestudeer om te weet wat aangaan.

Miljoene verstaan nie wat aan die gang is nie. Hoekom nie? Eerstens, omdat hulle nie die waarhede van die Bybel wil hê nie. Hulle vra na hierdie woorde en wanneer jy vir hulle sê, lag hulle dit af. Dit is duidelik in die Skrif, sodat ons nie verwar hoof te wees nie. God wil nie hê ons moet verward wees nie. Hy wil hê ons moet voorbereid wees. Hy sê vir ons hoe om voor te berei vir die tyd van benoudheid en vir die sluit van die genadedeur. Maar dit lyk of dit vir sommige nie saak maak nie.

Tweedens, mense is bang dit sal hulle lewenswyse verander. Hulle is gelukkig met dinge soos dit is. Hulle hou van die wêreld en die dinge van die wêreld. Mense is nie gewillig om te verander nie. Jesus sê ons moet onself verloën. As jy egter misleiding verkies, gaan die vyand vir jou presies die misleiding wat jy wil hê, gee. As jy die hemel wil hê, moet jy die Bybel bestudeer en by die Here daarvoor pleit.

Mense gaan onvoorbereid wees, omdat hulle nie die belangrikheid daarvan insien nie. Mense praat nie daaroor nie. Niemand verkondig dit nou nie. Maar daar is 'n herlewing. Mense begin effens wakkerskrik.

Baie, baie mense het tot 'n groot mate gefaal om die vroeë reën te ontvang. Wat is die vroeë reën? Dit is wanneer jy wedergebore is en Jesus as jou Here en Verlosser aanvaar. Dan sal jy die Heilige Gees uitnooi om in jou lewe in te kom, Jesus om in jou lewe in te kom en om jou sondes te vergewe.

Mense het egter nie al die voordele wat God vir hulle voorsien het, verkry nie, maar hulle verwag dat die tekort deur die laat reën voorsien sal word. Hier is die trefreël: Hulle begaan 'n verskriklike fout. Wat het God belowe? Hy het die oorwinning oor sonde met ons samewerking beloof en die vroeë reën, sodat ons die laat reën kan ontvang. Kry sonde uit jou lewe en kry die karakter van Jesus Christus in.

Kom ons kyk weer na die doel van die laat reën. Die laat reën word gegee om die graan te laat ryp word. Ons beskou onself as die graan wat vir die oes gereed moet wees. Die laat reën bring voltooiing van ons geestelike

lewe. Dit is wonderlik. Terwyl die laat reën val, is ons karakters tot volmaaktheid gebring; is ons karakters herstel; is ons karakters herskep.

En verseker is die doel van die laat reën om God se werk te voltooi, sodat God se karakter verdedig kan word, want Sy karakter was uitgedaag.

Onthou, die laat reën verander nie ons karakter nie. Die laat reën maak ons karakters vir die ewigheid vas. Dit lê ons karakter vas, sodat dit onveranderbaar is. Die laat reën vorm nie karakter nie. Die laat reën gee nie oorwinning oor sonde nie, omdat dit reeds in die vroeë reën behaal is.

Die vraag ontstaan nou: Wat beteken dit werklik om rypheid of volgroeidheid te bereik? Is daar iets meer wat voltooi moet word? As ons lewens die punt bereik waar ons sonder sonde lewe, deur God se genade, kan daar steeds meer groei wees? O, absoluut. Die boekie, *Education*, p. 106, maak hierdie verklaring: "In elke stadium van ons ontwikkeling kan ons lewe volmaak wees en tog, as God se doel vir ons verwesenlik word, sal daar voortdurende ontwikkeling en vooruitgang wees."

So, jy kan sonder sonde leef en steeds in Jesus Christus vooruitgaan en groei in kennis en wysheid en die genade van God. Het ons so 'n voorbeeld in die Bybel? Jesus, as 'n mens beskou, was volmaak, nogtans het Hy in genade gegroei. **En Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense.** - Lukas 2:52. Selfs die volmaakste Christen kan voortdurend in die kennis en liefde van God vermeerder. Ons word deur Hom volmaak. Die Bybel verwys na Sy volmaaktheid in Hebreërs 7:28: **.....Die Seun wat vir ewig volmaak is.** Sommige mense hou nie daarvan nie, maar ons lees in Heb. 5:8: **Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het.** Jesus het gehoorsaamheid geleer deur die dinge wat Hy gely het. Iets wat jy gedink het 'n piekniek gaan wees. Wat is ons werk? Ons werk is om na volmaaktheid te groei, om voortdurend veredeling te ondergaan totdat jy uiteindelik waardig verklaar word om die ewige lewe te ontvang.

O, vriend, dink daaraan. Selfs die werk van vooruitgang totdat Jesus kom, om ons hemel toe te neem en dan dwarsdeur die ewigheid te groei - dit is wonderlik. O, dink daaraan dat selfs nadat al die heiliges geseël en hulle nie meer sonde doen nie, hou hulle aan om geestelik te groei om volle volwassenheid te bereik en vir verheerliking gereed is. Ons moet ten volle in Jesus Christus ryp word. Ons moet oorwinning oor elke woord en elke daad verkry om soos Jesus te wees. Hy sal ons hemel toe neem.

2 Petrus 1:10 sê: **Daarom broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak, want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.**

Judas 24 sê: **Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar.** Dit vertel vir ons van Jesus en Sy krag. Ons moet onself aan Hom toevertrou. Hebreërs 7:25 sê: **Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan.** Dit beteken Hy reik uit sover as Hy moet om ons te kry.

Romeine 8:37 sê: **Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.** Vriend, ek hou van die meer as oorwinnaars deur Jesus Christus. En jy? Dit is pragtig. Die Bybel praat in Matt. 1:21 van **jy moet Hom Jesus noem.** En waarvan sal Hy Sy volk verlos? Van hulle sondes. Dit is die belangrikste saak, sonde is die saak, dit moet gaan as jy die laat reën belewenis wil hê. Slegs Jesus kan jou help, liewe vriend, maar elke woord, elke daad, elke gedagte, die oë, die verstand, alles moet rein wees, sodat ons hemel toe kan gaan.

In Psalm 26:2 lees ons: **Toets my, Here, en beproef my, keur my niere en my hart.** Die pleidooi hier is toets my niere. Wat? Dit is die verstand, toets my verstand. Toets die dinge wat vir verlossing belangrik is. Kom, Here, en doen dit. Toets my, stel my op die proef, bestraf my, vernuwe my.

In *Christ's Object Lessons* vind ons die volgende: "'n Edele, afgeronde karakter word nie geërf nie. Ons verkry dit nie per toeval nie. 'n Edele

karakter word verkry deur persoonlike inspanning deur die verdienste en genade van Christus. God gee die talente, die verstandelike krag - ons vorm die karakter. Dit word deur harde, ernstige stryd teen die eie-ek gevorm. Stryd na stryd moet teen oorgeërfde neigings gevoer word. Ons sal onself skerp moet kritiseer en nie toelaat dat een ongunstige karaktereienskap onverbeter bly nie"(p. 331).

"n Onsuier gedagte wat toegelaat word, 'n onheilige begeerte wat gekoester word, besmet die siel en sy integriteit word gekompromitteer. **Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.** - Jak. 1:15. As ons nie wil sonde doen nie, moet ons dit heel aan die begin vermy. Elke emosie en begeerte moet aan die verstand en gewete in onderworpenheid gehou word. Elke onheilige gedagte moet onmiddellik weerstaan word. Na julle binnekamer volgeling van Christus. Bid in geloof en met die hele hart. Satan hou jou dop om jou voete in 'n valstrik te lei. Jy moet hulp van Bo kry as jy sy planne wil verydel."- *Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 177.

Christ's Object Lessons, p. 100, sê: "Die Skrifte is die groot middel waardeur die karakter verander word." As jy jou karakter wil verander, bestudeer God se Woord. Johannes 15:5 sê: **Want sonder My kan julle niks doen nie.**

In Openbaring 14:15 staan: **Slaan U sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het.** Vriend, ons is nou naby daardie tyd. Die tyd is byna verstreke. God vereis volmaaktheid van karakter. Ons weet hoe om die oorwinning te behaal. Ons spandeer tyd in die Woord en dood die wêreldse mens. Spandeer tyd in die Woord. Spandeer tyd in gebed.

"Die tyd van ellende en angs wat voor ons is, vereis 'n geloof wat vermoënis, vertraging en honger sal verduur - 'n geloof wat nie sal verflou nie hoe heftig die beproewing ook is. Die genadetyd word aan

almal toegestaan om hulle in daardie tyd voor te berei. Jakob het oorwin, omdat hy volhardend en vasberade was. Sy oorwinning is 'n bewys van die krag van volhardende gebed. Almal wat, soos hy, aanspraak maak op God se belofte en wat so ernstig en volhardend is as hy, sal oorwin soos hy oorwin het. Diegene wat onwillig is om die eie-ek te verloën, om in sielsangs tot God te bid en lank en vurig om Sy seën te smee, sal dit nie verkry nie. Worstel met God - hoe min is daar wat weet wat dit beteken! Hoeveel is daar wat met hulle ganse hart en met die vurigste begeerte en met alle kragte tot God bid? Wanneer golwe van wanhoop, wat nie in woorde beskryf kan word nie, teen die smeker slaan, hoeveel is daar wat met 'n onwrikbare geloof aan die beloftes van God sal vashou." - *The Great Controversy*, p. 621.

Vriende, weer eens, Christus is ons enigste hoop om sonde in ons lewens te oorwin. Hy het vir ons belofte na belofte van oorwinning in Sy Woord nagelaat. Ons moet deur geloof glo en daagliks daaraan vashou. Reik vandag nog na Christus uit. Hy reik verseker na jou uit.

4. LEWE VOLGENS DIE LIG WAT JY HET

JN Deuteronomium 32:4 staan: **Die Rots - volkome is Sy werk; want al Sy weë is strafgerigte; 'n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy.** Daarom, vir ons om God behoorlik te weerspieël en nie deur elke leerstellige wind heen en weer geslinger te word nie, moet ons in ooreenstemming met die lig of die waarheid wat ons nou besit, leef ten einde meer van hierdie hemelse gawe van lig te ontvang.

Lewe jy volgens alles wat jy weet die waarheid is? Indien nie, gaan God jou nie meer lig gee nie. Ons moet lewe volgens die lig wat ons het. Weet jy dat hulle wat lewe volgens die lig wat hulle het, kan verwag dat God op hulle lewenspad groter lig sal laat skyn, veral in hierdie slottonele van die aarde se geskiedenis. Ek wil voorbereid wees en dit is deel daarvan om

voorbereid te wees om die laat reën te ontvang. Is ons bekwaam en lewe ons volgens die lig wat ons het?

In *Testimonies for the Church*, vol. 9, p. 182, staan: "Die Here bring Sy fouterende kinders keer op keer terug na dieselfde omstandighede, maar as hulle aanhoudend misluk om op die vermaninge ag te slaan, as hulle misluk om op elke punt waar hulle fouteer te hervorm, sal Hy hulle finaal aan hulle eie swakheid oorgee." Wat sê God vir ons hier? Hy neem ons weer en weer terug na dieselfde omstandighede, sodat ons die oorwinning kan behaal. As ons nie die oorwinning behaal nie, lei Hy ons weer en weer en weer en einde ten laaste as ons regtig nie meer omgee nie, los Hy ons in ons eie swakhede.

In Johannes 12:35 sê Jesus: **Nog 'n klein tydjie is die lig by julle. Wandel so lank as julle die lig het, sodat die duisternis julle nie oorval nie. En wie in die duisternis wandel, weet nie waar hy gaan nie.** So, ons moet nou in die lig wandel wat op ons pad skyn. As ons maar net kon sê, Here help my om die tyd te verstaan waarin ons nou lewe, hoe naby is ons aan die wederkoms van Jesus en die noodsaaklikheid dat God se volk moet wakkerskrik.

Ons het 'n spesifieke en besondere boodskap - Die Drie Engele se Boodsappe - om aan die wêreld te verkondig. Dit is 'n boodskap wat mense sal voorberei om Jesus te ontmoet. Dit is nie 'n maklike boodskap nie. Dit is 'n baie uitdagende boodskap wat God ons vra om te verkondig. Jesus het aan die twaalf opdragte gegee toe Hy hulle uitgestuur het. In Mattheüs 12:14 sê Jesus: **En as iemand julle nie ontvang nie en na julle nie luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af.** Daar is mense wat sal sê ek gaan nie luister nie. Jesus sê jy moet hom alleen laat en na die eensame paaie en na die hoofpaaie gaan en kry mense wat in die Woord geïnteresseerd is. Daar is sommige wat, wanneer hulle die boodskap hoor, begin stryd voer teen diegene wat die boodskap versprei en teen God.

In Mattheüs 10:34 sê Jesus: **Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.** Het jy al ooit daaraan gedink? Hy sê Hy het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard, omdat daardie swaard reg verdeel en skei, selfs somtyds in families. Wanneer die waarheid kom, sal een dit aanvaar en 'n volgende sal dit nie aanvaar nie.

Testimonies to Ministers, p. 507, maak hierdie verklaring: "Daar moet geen verwaarlosing of versuim van die genade, wat deur die vroeë reën verteenwoordig word, wees nie. Slegs hulle wat leef ooreenkomstig die lig wat hulle het, sal groter lig ontvang. Tensy ons daaglik wandel in die voorbeeldstelling van die aktiewe Christelike deugde, sal ons nie in detail die openbaring van die Heilige Gees in die laat reën herken nie."

Wat is aktiewe Christelike deugde? Het jy al ooit daaraan gedink en watter aandeel hulle in ons verhouding met Christus het en om voorbereid te wees om die laat reën te ontvang? Kom ons kyk na hierdie Christelike deugde en wat hulle in ons ontwikkel. Wanneer ek dink omtrent 'n karakter soos God en hoe dit gaan wees om bekwaam te wees om die hemel te herbevolk, dink ek altyd aan die seël van God. Die seël van God in die voorhoof, hier in die laaste dae, gaan deur God in die voorhoofde gegee word aan diegene wat al die gebooië, insluitende die Sewendedag Sabbat, onderhou en vier.

Die vierde gebod het die teken en seël van God. Hy is ons Skepper; Hy is ons Verlosser; Hy is ons onderhouer. Hy is die Hoof van hierdie wêreld. Esegïël 20:12 sê vir ons: **Daarby het Ek ook my Sabatte aan hulle gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die Here, is wat hulle heilig.** Die Sabbat is 'n teken tussen God en ons veral in die laaste dae. So, die regverdiges gaan die seël van die lewende God ontvang. Ons moet gereed wees, want God wil Sy Gees op ons uitstort.

In 2 Petrus 1:3 staan: **Immers, Sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur Sy heerlikheid en deug.** Ons moet hieraan aandag gee, want Christelike deugde speel so 'n baie belangrike rol in ons Christelike belewenis. Miskien het sommige van ons dit oor die hoof gesien. Wat is hierdie **heerlikheid**? Heerlikheid gaan oor waardigheid, dit gaan oor eer, dit gaan oor aanbidding, dit gaan oor deugde. Christelike deugde hier is voortreflikheid. Dit is lofprysing as versoening vir ons sondes. God wil dat ons 'n wyse van berou vir ons verkeerde dade vind. God sê vir ons dat voordat Hy kom, moet ons sekere verkeerde dinge in ons lewens regmaak. So is sonde in ons lewens 'n saak van lewe en dood. 2 Petrus 1:5 sê **by julle geloof voeg die deug en by die deug die kennis.**

2 Petrus 1:4 sê Jesus het ons die grootste en kosbare beloftes geskenk, sodat ons daardeur deelgenote kan word aan die Goddelike natuur. Hoe belangrik is dit dat ons deelnemers aan die Goddelike natuur moet word. Ons moet aandag daaraan gee, want dit het met karakterontwikkeling en die ontvang van die laat reën te doen. Waaroor gaan hierdie Christelike deugde? Om soos Jesus te wees. Hoe vind dit plaas soos ons die Woord van God bestudeer? Dit word vir ons duidelik dat dit in staatstellende kragte is wat ons bemaagtig om sonde te oorwin.

In *The Desire of Ages*, p. 191, staan: "Deur die transformerende werksaamheid van Sy genade word die beeld van God [Sy karakter] in die dissipel gereproduseer." Slegs diegene in wie die beeld van God [Sy karakter] gereproduseer is, sal hemel toe gaan. Jesus leef Sy lewe deur hulle.

2 Petrus 1:5 sê:..... **ook moet julle met aanwending van alle ywer.** Hoeveel van ons gee werklik 100 persent vir die saak van die Here? Hoeveel van ons voel regtig die roeping van die Heilige Gees? Hoeveel van ons het 'n ware begeerte om soos Jesus te wees? Dit beteken daaglikse ywer. God wil vir ons hierdie sterkte en hierdie krag gee om die bose te weerstaan. Versoeking moet gekonfronteer en verslaan word, 'n

oorwinning moet behaal word. Met elke oorwinning sal ons sterker en sterker word. Meer krag om die volgende versoeking te weerstaan is net om die draai en jy moet dit glo.

Die Bybel gaan voort deur te sê ons moet by ons **geloof** die **deug**, **kennis**, **selfbeheersing**, **lydsaamheid**, **godsvrug**, **broederliefde** en **naasteliefde** voeg. Hierdie dinge moet in die Christen teenwoordig wees ten einde ons na die beeld [karakter] van God te verander. Ons moet almal hê om soos Jesus te wees. 2 Petrus 1:9 sê dat hy by wie hierdie dinge ontbreek, is blind. So, geloof is die eerste sport van die leer na die hemel. Vriend, het jy vandag geloof? O, ons weet Hebreërs 11:6 sê: **Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag**. Ons moet in staat wees om te glo.

Die Bybel gaan voort en sê ons moet by die geloof die **deug** voeg. Wat is deug werklik? Dit beteken voortreflikheid, 'n uitmuntende karaktereienskap. God sê die Christen moet 'n uitmuntende karakter hê. Dit moet ons fondament wees, terwyl ons groei om soos Jesus te wees. In der waarheid praat 1 Petrus 2:5 van die fondament waarop die res van die huis gebou moet word. Sien, Christelike deugde moet met ons karakters saamsmelt waar gehoorsaamheid so natuurlik soos asemhaling word.

Die Bybel sê ons moet by die deug die **kennis** voeg. Van watter kennis word hier gepraat? Kennis van al die geestelike dinge wat ons in hierdie lewe kan verkry.

Ons lees in 2 Timotheüs 2:15: **Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel**. O, liewe vriend, God gaan in hierdie laaste dae buite die gebruikelike om werk. Hy gaan bonatuurlike dinge doen. Hy gaan mense gebruik van wie sommige sal sê dat hulle nie bruikbare materiaal is nie, of dat hulle nie gekwalifiseerd is nie. Dit is nie mense wat ander mense bekwaam maak nie. God maak bekwaam, God raak aan, God reik uit na benede en rus 'n individu toe om 'n werk vir Hom te doen. Hy gaan nie deur die gewone kanale, waarvan almal altyd praat, werk nie. Hy gaan gewone manne en vroue en kinders gebruik om die Evangelie van Jesus Christus te

bring. Diegene wat op die krag van die Heilige Gees reageer gaan God gebruik.

In der waarheid sê die Bybel in Jakobus 1:5: **As iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyd en dit sal aan hom gegee word.** Dit sal baie duidelik en baie eenvoudig en ter saaklik wees en almal sal verstaan.

Julle weet dat Jesus ongeleerde vissermanne gebruik het. Hy het hulle geroep om Hom te volg, want Hy wou hulle gebruik. Maar let op wat gebeur het, voordat veranderinge kon plaasvind, moes hulle eers kontak met Jesus gehad het. Ons praat van om volmaak, soos Jesus, te wees. Hy verwyder sonde uit ons lewe. Hierdie vissermanne het 'n miserabele lewe geleef, maar Jesus het hulle waar hulle was, uitverkies. Terwyl hulle in kontak met Jesus was, het hulle bekwaam geword, hulle het vaardig geword, hulle het kragtige getuies vir Hom geword. Ons het vandag ook daardie daaglikse kontak met Jesus nodig. Ons het daardie daaglikse toewyding, daardie gebedstyd nodig.

Petrus sê dat soos ons voortgaan, moet ons by die kennis die **selfbeheersing** voeg. Hierdie is die derde sport van die leer na volmaaktheid. Ons moet in alles matig wees. 1 Korinthiërs 9:25 sê: **En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles - hulle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, maar ons 'n onverwelklike.** Vriend, is jy gematig in alles? Ons moet in elke aspek van ons lewe gematig wees. Ons het tot die Evangelie-wedstryd toegetree, om dit so te stel. Daarom moet ons onself daarvan weerhou om ons alles te veroorloof wat teen die siel stryd voer. sien, die duiwel werp al hierdie genietinge oor ons pad, so daar is 'n oorlog, 'n stryd, 'n geveg wat aan die gang is. Daar is 'n oorlog teen die siel en hulle wil oorwin. Dank die Here ons dien Een wat groter is. Maar ons moet die ou vyand weerstaan as hy kom. Paulus sê in 1 Korinthiërs 9:27: **Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar.** Ons moet ons gewoontes en gebruike in harmonie met die leringe van die

Bybel bring. Jy moet self die Bybel ondersoek wat dit omtrent jou gewoontes en gebruike sê, nie wat iemand anders vir jou sê nie.

Die Bybel sê verder ons moet **lydsaamheid** [volharding] byvoeg. Ons kan die belangrikheid van selfbeheersing sien wanneer ons dit aan lydsaamheid en volharding verbind. Hoe so? 'n Oordadige of buitensporige mens kan nie lydsaam en volhardend wees nie. Hoe kan ek leer om lydsaam en volhardend te wees? Luister, jy moet eerstens jouself ken. Miskien is jy somtyds te vinnig met 'n antwoord, miskien het jy soms 'n skerp tong en dit kan gevaarlik wees. Ken jouself, ken jou temperament. Moenie jouself in situasies plaas waar jy weet dinge vir jou te erg mag wees nie.

Tweedens, jy moet begeer om lydsaam en volhardend te wees. Jy moet vasberade wees om dit deur die genade van God te verkry. Jakobus 5:11 sê ons moet die lydsaamheid en volharding van Job hê. Openbaring 14:12 praat van die lydsaamheid van die heiliges. Wat moet hulle wat die hemel wil herbevolk, bemeester hê? Lydsaamheid en volharding.

Vriend, dit is die toetsing en beproewing van my geloof wat my lydsaamheid en volharding gee. Is jou geloof onlangs getoets en beproef? So, wat is hierdie lydsaamheid en volharding? Dit is die lydsaamheid en volharding van die gelowiges. Dit beteken diegene wat volhard, dit beteken diegene wat beginselvas en koersvas is, diegene wat hoopvol is, diegene wat vrolik en opgewek is, diegene wat sielskrag en vasberadenheid het. Vriend, het jy al hierdie genoemde eienskappe in jou wandel met Jesus?

Verder sê die Bybel ons moet by die lydsaamheid die **godsvrug** voeg. 1 Timotheüs 6:11 sê ons moet geregtigheid en godsaligheid [godvresendheid, godsvrug] najaag. Hoe kan ons godsaligheid najaag as ons snags rondkerjakkert, eet en drink en praat en dinge doen wat van die duiwel is? Ons gaan dit nie op hierdie manier hemel toe maak nie. Petrus sê ons moet geregtigheid [reg doen] en godsaligheid najaag. Jesus wil hê ons moet soos Hy wees.

Hoe verkry ons hierdie genadegawe van godsaligheid [godsvrug]? Hoe verkry ons 'n karakter soos God? O, vriend, ons moet in die eerste plek 'n intieme verhouding met Hom hê. Hoe is jou verhouding met Jesus Christus? Ons moet 'n helder en duidelike verbinding met God hê wanneer Hy deur die krag van die Heilige Gees met ons praat, sodat ons weet dit is Hy wat gepraat het.

Vriend, jy weet dat God gespreek het, jy weet dat God jou geroep het! Het jy geweet dat God 'n plek bepaal het waar jy moet werk? 'n Werk om te doen, om siele vir die koninkryk te wen. Jy moet weet dat jy deel van God se familie is. Jy moet die Voorbeeld bestudeer. Het jy al die Voorbeeld bestudeer? Die Voorbeeld is Jesus Christus, dit is nie die prediker, dit is nie die evangelis, nie die ouderling in die kerk nie. Die Voorbeeld is Jesus Christus. Dit is nie mense nie. O, ons het mense in hoë posisies. Wel, dit is goed, dank die Here vir hulle, maar hulle is nie my voorbeeld nie.

In my Christelike wandel moet ek my oë op Jesus gefokus hou. Ek moet 'n godvresende karakter hê, terwyl ek Jesus bestudeer en Hy sal my help. Nou vra jy hoe doen 'n mens dit? Weet jy hoe lê iemand bakstene? Hy lê die stene een vir een. Met jou is dit nie anders nie - 'n steen op 'n slag. Soos jy die stene die een na die ander lê, sal die muur binnekort voltooi wees. So bou jy jou karakter. Jou gehoorsaamheid aan Jesus Christus speel 'n baie belangrike rol. Jy moet 'n baie sterk geloof in God hê. Staan vas, ongeag wat ander sê. Hou jou oë op Jesus gefokus.

Volmaaktheid van karakter is, verstaan mooi, nie 'n volmaaktheid wat jy jou verbeel nie, dit is 'n werklike volmaaktheid in Jesus Christus. Dit is om 'n godvresende lewe te leef. Dit is om hierdie Christelike deugde te leef. Dit is hierdie deugde wat ons lewe verander. Bid tot God dat Hy jou in hierdie saak moet help. Jy sal deur die uiterste toets moet gaan - gehoorsaamheid aan al die vereistes van God se wet.

Verder sê die Bybel in 2 Petrus 1:7, ons moet **broederliefde** byvoeg. Hoeveel van ons het ons broeders en susters werklik lief? Het jy daardie deernis en barmhartigheid vir jou broeder en suster, vir hulle wat deur 'n moeilike tyd gaan? Deernis en barmhartigheid vir hulle wat in sonde verval en ons, as Christene, wil eerder weg van hulle af as na hulle toe hardloop, omdat hulle hulp nodig het. Ons moet die voorbeeld van Jesus volg wanneer die Bybel sê Hy het die nege-en-negentig gelos en die een verlore skaap gaan soek en gevind. Ons moet meegevoel vir mekaar hê. 'n Liefde vir mekaar soos Jesus ons liefhet.

Filippense 2:3 sê: **Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.** En jy weet wat, dit is slegs deur Jesus Christus moontlik. **Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was** (v. 5). Vriend, ons het baie om te leer ter voorbereiding vir die Koninkryk van God. Die ontvang van die laat reën en die volmaaktheid van karakter is 'n móét.

Ons moet baie versigtig wees wanneer ons hierdie leer van die Christelike deugde klim, dat ons nie in menslike krag vertrou nie, maar in die krag van God, in die wysheid van God, vergesel deur die engele van die hemel en die krag van die Heilige Gees, dan is ons meer as oorwinnaars deur Jesus Christus.

Filippense 1:6 sê: **Omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus.** Hoe kan ons dink dat ons nie die standaard wat God vir Sy volk gestel het, gaan bereik wanneer Hy sê dat die werk wat Hy begin het Hy ook sal voltooi nie. Daar gaan 'n volk soos Hy wees. As jy een van hulle wil wees, moet jy jou aan God toewy. Ware liefde is kragtig, dit kan 'n lewe verander.

Ons moet nie rus totdat ons ten volle in die geregtigheid van Jesus Christus geklee is nie. Ons moet hierdie vuil klere uittrek. Ons moet die

kleed van Christus se geregtigheid aan hê en onthou Hy kan nie Sy kleed van geregtigheid om ons sit voordat alle sonde uit ons lewe is nie. Vriend, dit beteken ons moet op ons knieë wees en by God smee en pleit vir veranderinge in ons lewe.

Ons moet hierdie werk met ywer doen as ons oorwinning wil behaal. Dit sal 'n daaglikse kruisiging van die eie-ek beteken. Moenie tou opgooi, omdat dit moeilik is nie, hou aan om na die troon van God te gaan en smee vir die Goddelike krag en dit sal aan jou gegee word om volkome oorwinning in jou lewe te behaal. Sonder hierdie aktiewe Christelike deugde, sal ons selfs nie eens die manifestasie van die Heilige Gees in die laat reën herken nie.

4. Kenny Shelton: *Behold the Lamb Ministries*.

5. *TEN VOLLE VOLWASSE KARAKTERS*

Hierdie boodskap is: Ons moet volkome volwassenheid van karakter bereik voor die genadedeur sluit. Daar is met ander woorde 'n voorafgaande proeftyd waartydens daar 'n toetsing of ondersoek van 'n persoon se gedrag, karakter, bekwaamheid en dies meer is. Hierdie definisie maak sekerlik sin met betrekking tot ons wandel in heiligmaking. Ons weet dat die beslissings wat ons in hierdie lewe maak, bepaal waar ons die ewigheid gaan deurbring.

As ons harte deur die liefde en dwaashede van hierdie wêreld beheer word, dan, broeders en susters, gaan ons saam met hierdie wêreld vergaan. Aan die ander kant, as ons kies om ons hele hart aan ons Here en Verlosser, Jesus Christus, te gee om ons te vorm, dan sal daar vir ons 'n tuiste, 'n ewige tuiste in die hemel wees. Die keuse is ons s'n, altyd ons s'n, maar die gawe is gratis. Ons daaglikse wandel van heiligmaking is ons proeftyd. Dit is die toetsing van ons karakter. Die ganse hemel let op ons lewenswyse. Ons gedagtes en motiewe van die hart, alles omtrent ons wat ons doen, word in die hemelse howe opgeskryf.

Het ons die bekwaamheid, soos Christus, om in die koninkryk van die hemel te leef, in die ware teenwoordigheid van die Allerhoogste God. Die vraag sal teen die einde van ons persoonlike proeftyd met ons dood kom of as ons lewe tot Jesus se wederkoms, sal dit dan wees. Wat ook al die geval mag wees, wat sal ons proeftyd omtrent ons karakters openbaar? Sal ons daardie volle volwassenheid in Christus bereik het of sal die boeke toon dat ons aan iets in hierdie wêreld vashou wat vir ons kosbaar is, maar vyandig teenoor God is. Onthou, Christus sal alles in Sy vermoë doen om ons by te staan om hierdie vrye gawe van die ewige lewe te verkry. Ons Karakters Moet Volle Volwassenheid Bereik Voor Die Genadedeur Sluit [met ander woorde voor ons proeftyd verstreke is].

In Efesiërs 5:27 staan: **Sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.** Dit beteken die karakter moet rein en heilig en soos Jesus wees.

Hoe gaan dit volbring word? Moet dit bereik wees? Ek is daarvan seker, dat ons naby die einde van die aarde se geskiedenis leef - ons is in die Dag van Versoening. Soos ons rondom ons kyk en wat in die wêreld aan die gebeur is, is dit vir my duidelik dat die oordele van God besig is om op die aarde te val. Dit is waarskuwings vir die volk van God wat dit bestudeer en daarvoor bid.

Sien, God waarsku die wêreld dat Hy gereed maak om ons weer eens te besoek. In Lukas 19:14 ween Jesus oor Jerusalem en oor sy verwoesting. In die laaste gedeelte van hierdie vers sê Hy, **.....omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie.** Wat beteken dit? Hulle het nie geweet wanneer Jesus kom nie en was gevolglik nie voorbereid nie. Mag God ons help om vir Jesus se wederkoms voor te berei.

Elke dag in die nuusblaaië is daar berigte van vloede, brande, aardbewings, oorloë, bloedvergieting, arbeidsonrus, ekonomiese onrus. Ons hoor en sien

al hierdie dinge wat gebeur. Wat is dit? Dit is waarskuwingstekens wat van Jesus se wederkoms getuig.

Onthou, hierdie oordele is wekroep om wakker te skrik. Wekroep vir diegene wat nie die geleentheid gehad het om die waarheid te hoor nie. God is barmhartig en Hy reik steeds uit na hulle wat die geleentheid gehad het. Daar is op die oomblik baie wat die waarheid en die dinge wat volgens die profesieë gebeur, verstaan, maar hulle doen niks daaromtrent nie. Hulle berei nie voor nie. Die genadedeur gaan sluit en niemand sal dan kan binnegaan nie.

Dink aan die vyf verstandige en die vyf dwase maagde. Ons praat van die Drie Engele se Boodsappe. [Die kern van Jesus se geregtigheid, Sy regverdigheid.] Die Gees van Profesie noem dit die kosbaarste boodskap wat ooit aan ons gegee was. O, vriend, ons leef in 'n vreeslike tyd van die aarde se geskiedenis. Baie wat aanspraak maak dat hulle die waarheid vir hierdie tyd glo, gaan misluk. Dit gaan hulle aan die karakter van Jesus ontbreek en die hemel gaan nie hulle tuiste wees nie. Hoekom nie? Omdat hulle nie die noodsaaklike, die lewensbelangrike aspek van die vroeë- en die laat reën verstaan en wat dit in ons lewens moet bewerkstellig nie.

Dikwels maak mense aannames hoe die laat reën gaan uitgegiet word en wat volgens tydraamwerke gaan gebeur. Ek glo die laat reën gaan na die Sondagwet op die Kerk uitgegiet word en ons gaan toegerus word. Wat nou van die laat reën op individue? Die vroeë reën was aan ons gegee toe ons Jesus Christus aanvaar het en om ons oorwinning oor sonde te gee. Dit gaan voort dwarsdeur ons Christelike ervaring en dan ontvang ons die laat reën om ons te help om tot volwassenheid [volgroeidheid, rypheid] te kom, sodat ons met Jesus kan lewe.

Vriend, dit is 'n baie interessante gedagte - volle volwassenheid. Is die laat reën vir elke individu belangrik? Absoluut! Die laat reën bemagtig God se volk om die harde wekroep - die Drie Engele se Boodsappe - te gee.

Testimonies for the Church, vol. 2, p. 355 sê: "Wanneer Hy kom, gaan Hy ons nie van ons sondes reinig, die tekortkominge in ons karakters verwyder of die gebreke van ons humeure of geaardheid genees nie." Hoeveel van ons kan sê, ek het geen gebreke in my karakter nie? Miskien niemand wat 'n eerlike hart het nie. Dit beteken dat ons 'n paar veranderinge moet maak. As ons gebreke in ons karakter het, gaan die hemel nie ons tuiste wees nie. Nou is die tyd wanneer ons, met God se hulp, oorwinning oor sonde en die tekortkominge in ons karakter moet kry.

The Great Controversy, p. 620, maak hierdie verklaring: "Diegene wat nalaat om vir die dag van God voor te berei, sal dit nie kan doen in die tyd van benoudheid of enige tyd daarna nie." As ons nie nou die oorwinning deur die bloed van Jesus Christus verkry nie, gaan dit te laat wees, ons saak sal hopeloos wees. Ons moet die belangrikheid om te ontvang besef. Dit is meer as om net te bid, meer as om net te hoop, meer as om te glo dit sal gebeur.

Kolossense 4:12 sê: **....dat julle volmaak en volkome mag staan in die ganse wil van God.** Wat is die betekenis van die woorde **volkome in die wil van God?**

2 Timotheüs 3:17 maak hierdie kragtige verklaring: **...sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.**

Hebreeërs 6:1 stel dit so: **....maar na die volmaaktheid voortgaan.** Hierdie is 'n dringende, lewensbelangrike boodskap. Dit is 'n feit vir diegene wat die ewigheid met Jesus wil spandeer.

Jesus sê in Mattheüs 5:48: **Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.**

Paulus skryf in Kolossense 1:28: **....om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel.**

Paulus skryf in Romeine 6:2 verder daaroor. Hy sê: **Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?** As jy nie die sonde dien nie, dan het jy die oorwinning behaal.

In Romeine 6:12 gaan Paulus verder: **Laat die sonde dan in julle sterflike liggame nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.** So, sonde moet nie in ons sterflike liggame woon nie. Ons moet ons lewens aan Jesus Christus oorgee. Maar ons vind dit oor en oor, ons sondig, ons vra vergifnis, ons sondig, so hou dit aan. Dit is nie die plan van God nie.

Romeine 6:14 sê: **Want die sonde sal oor julle nie heers nie.** So, dit klink dat ons oorwinning oor die sonde en die duiwel sal hê.

Let daarop dat die duiwel oor elke verkeerde daad wat ons doen, jubel. Dit beteken dat hy in ekstase is, hy is buite homself wanneer hy hoor die gelowige volgeling van Christus maak verskonings vir hulle karaktergebroke. Hoeveel van ons is daar vandag wat verskonings maak en sê, ek weet dit is verkeerd, maar..... Dit is die verskonings maak wat tot sonde lei. Ons maak verskonings hoekom ons sondig, hoekom ons nie 'n oorwinnende lewe kan lei nie. Ons regverdig ons sonde. Daardie verskonings lei ons om in sonde voort te gaan (vgl. *The Desire of Ages*, p. 311).

'n Heilige geaardheid, 'n lewe soos Christus is vir elke berouvolle, gelowige kind van God bereikbaar. Die Seun van die mens was in Sy lewe volmaak. Prys die Here, maar let op. So moet Sy volgeling volmaak in hulle lewe wees (vgl. *The Desire of Ages*, p. 311). Jesus was die sondelose Seun van God. Hy was God in die vlees. Sy karakter moet ons s'n wees. Wat moet Jesus wees? Ons karakter. Sal so 'n lewe oorwinning oor sonde behaal? Absoluut! Dit is wat Hy ons deelagtig wil maak, wat Hy vir ons wil gee.

Die Here wil ons terugwen van die mag van die duiwel. Wanneer jy sondig, val jy in die greep van die duiwel. Wanneer ons dinge raaksien wat

verkeerd is, gryp die duiwel ons aan die nek en wil ons nie laat los om op die bloed van Jesus aanspraak te maak nie.

Wat beteken volkome oorwinning? Dit beteken algehele terugkryging. Dit is voltooi, niks ontbreek nie. Alhoewel, alhoewel 'n mens sondeloosheid, 'n sondelose toestand deur die genade van God bereik, is daar steeds 'n werk van groei, daar is steeds 'n werk van ontwikkeling wat dwarsdeur die laat reën voortgaan en selfs, dit is ernstig, nadat die genadedeur gesluit het, is daar 'n individuele werk vir God se volk wat moet gedoen word.

God se volk sal deur die tyd van benoudheid móét gaan. Ons móét oorwinning oor sonde behaal, daar móét ontwikkeling wees. Ons voorbeeld is Jesus Christus. Toe Jesus na hierdie aarde gekom het, het Hy voortgegaan om in genade en kennis te groei. Die engele in die hemel gaan voort om in kennis en wysheid en sterkte te groei en om hulle Skepper en hulle Verlosser beter te ken. Ons gaan deur die nimmereindigende tydperke groei. Daar gaan nooit 'n tyd wees wat ons nie in die kennis en die genade en die krag van Jesus Christus gaan groei nie.

Markus 4:28 sê: ... **eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar.** Ons moet hierdie belewenis hê. Ons karakters moet volle volwassenheid bereik voordat die genadedeur sluit. Daar sal geen karakterverandering wees wanneer Jesus kom nie. Dit is 'n waarheid wat oor die hoof gesien word. Dit is 'n waarheid waarvoor mense sal wil argumenteer. Ons moet op Jesus se werk in ons harte fokus, sodat ons daardie volwassenheid kan bereik. Nie net sonder sonde in Jesus Christus nie, want daar is 'n verskil om volwasse [volgroeid], gereed vir die oes en vir verheerliking na die hemel te wees.

Paulus sê in 2 Korinthiërs 10:5, **en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus.** O, dit is kragtig! Hoe dikwels lees ons dit en ons sê net: Ja, dit is wat ons moet doen. O, vriend, elke gedagte moet tot die gevangenskap van Jesus Christus gebring word. Luister, as jou gedagte nie deur die Heilige Gees beheer word nie, word dit deur die

duiwel beheer. Dit is òf die een òf die ander. Jesus sê, hy wat nie vir My is nie is teen My.

In Mattheüs 15:18 lees ons: **Maar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart en dit is dié wat die mens onrein maak.** Dit is nie wat uit die mond kom wat besoedel nie, maar wat uit die hart kom, besoedel die mens. Spreuke 23:7 sê: **Want soos hy in sy siel bereken, so is hy.** Ons weet nie wat 'n mens in sy hart bedink nie. Jy mag iemand op die rug klop as 'n godvresende mens, hy is 'n goeie mens, maar miskien is hy diep in sy hart 'n afwykling. Miskien bedink hy lelike dinge. Ons moenie veroordelend wees nie, maar dink aan wat die Bybel sê: **Soos hy in sy siel bereken, so is hy.**

In *The Desire of Ages*, p. 161, staan: "Die tempel van die hart is deur die teenwoordigheid van vleeslike of wellustige hartstogte en onheilige gedagtes besoedel. Jesus se sending na hierdie wêreld was om die hart van sonde - van vleeslike begeertes, selfsugtige welluste, slegte gewoontes - wat die siel verdorwe - te reinig."

In der waarheid bring 1 Korinthiërs 3:16 en 17 dit baie duidelik by ons tuis: **Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig en dit is julle.** As jy die tempel van God skend, beskadig jy jou liggaam. Jy kan die gedagtes wat deur jou verstand gaan vernietig, dit hoef nie net dade te wees nie. God help ons dat ons ons gedagtes aan Jesus Christus gee om dit te beheer, want ons kan dit nie op ons eie beheer as die hemel ons tuiste gaan wees nie.

Hoe kom Satan in ons gedagtes in? Wanneer ons die verstand toelaat om van God weggekeer te word. Wat beteken dit om weggekeer of weggedraai te wees? Dit beteken om die verstand op 'n syspoor te bring. Wanneer die verstand weg van God besig gehou word, dan kom Satan in om

ons gedagtes te beheer en om die oordeelsvermoë te verdorwe, te verlei, op 'n dwaalspoor te bring.

1 Johannes 3:3 sê die volgende: **En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.** Ek het vandag hoop op Jesus Christus. Dit is my enigste hoop. Ek kan my nie self reinig nie. Ek moet na God en Sy morele wet kyk. Dit is die standaard van geregtigheid [doen wat reg is, omdat dit reg is]. Deur geloof in Jesus en Sy waarheid, soos ons Hom in ons harte aanvaar, word ons gereinig en gesuiwer soos Jesus in die hart kom. Vriend, is jou hart van alle morele besoesdeling gereinig? God help ons as 'n volk. As dit nie so is nie, gaan die hemel nie ons tuiste wees nie.

Die gesindheid van Jesus Christus moet die gesindheid van die mens word. Ons lees daarvan in Filippense 2:5: **Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.** 1 Johannes 3:6: **Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.** As ons in Hom bly, sal ons slegs gaan na waar ons weet Jesus sou goedkeur. Jy sal slegs sê wat nie langer jou woorde is nie, maar wat die gedagtes van God is. So, laat ons 'n intieme verhouding met Hom hê. Ons kan slegs 'n intieme kameraadskap met Hom hê as ons tyd met Hom spandeer. Ons sal dan die krag van God sien om ons van sonde te weerhou. Wanneer versoekings kom, vra ons die Gees van God om ons te help.

Matheüs 23:26 sê: **Julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol hebsug en onmatigheid.** As daar 'n suiwing, 'n reiniging aan die binnekant plaasvind, suiwer en reinig dit die buitekant outomaties.

In Openbaring 22:11 staan: **Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word en laat die heilige nog heiliger word.** Watter soort karakter het jy vandag? Watter gedagtes koester jy? Is al jou

gedagtes en planne van God? Is jou dade en jou woorde van Jesus Christus? Verkondig jy Hom aan die wêreld? Lewe Hy deur jou en is Sy karakter ten volle in jou gereproduseer? Indien dit ja is, wil Hy jou hemel toe neem.

Sommige mense sê hulle verstaan nie waarom die seël van God gaan nie. Die seël van God is 'n vestiging in die waarheid, sowel verstandelik as geestelik, sodat ons nie verskuif of verroer kan word nie. Daar kom 'n tyd wanneer ons in die waarheid gevestig moet wees, sodat ons nie deur elke leerstellige wind heen en weer geslinger word nie.

Lewe oor die algemeen is vir ons te veel om op ons eie te hanteer. God weet dit en dit is hoekom Hy ons sterkte in elke besluit van geregtigheid deur die gawe van die Heilige Gees belowe het. Ja, dit is vir ons om te besluit om al die verskillende veranderinge in ons harte en verstande te laat plaasvind en ons na die beeld [karakter] van Christus te vorm. Maar ons word nooit alleen gelaat om die veranderinge te maak nie. Prys die Here!

5. Kenny Shelton: *Behold the Lamb Ministries*.

6. *Ernstige aandag aan die boodskap aan Laodicéa*

Ten spyte van Laodicéa se diepgewortelde selfgenoegsaamheid en bedwelmende selfgeregtigheid, kyk Jesus nie na ons saak as hopeloos nie. Omdat Laodicéa se toestand geneesbaar is, bied Hy raad aan. Dit kom in drie dele wat almal in een ervaring kombineer. Jesus skilder Homself as 'n hemelse Handelaar wat van huis tot huis gaan om drie kosbare ware te verkoop:

1. **Goud wat deur vuur gelouter is.** In 1 Petrus 1:7 sien ons dat die goud wat deur vuur gelouter is, 'n aktiewe geloof verteenwoordig,

geloof wat deur liefde werk (Gal. 5:6). Hierdie geloof reinig die hart wat onvoorwaardelik aan God oorgegee is en Sy aangebode geregtigheid verwelkom (kyk Handeling 15:9; Fil. 3:9). Jesus is die Leidsman en Voleinder van ons geloof. Ons geloof sal sterker en suiwerder groei soos ons dit in die louterende vuur van Sy Woord dompel en dit in die smeltkroes van die lewe se ervaring uitleef (Jer. 23:29; Jakobus 1:3; 2 Kor. 4:17,18).

2. **Wit klere.** Geestelike naaktheid is die resultaat van sonde. Die verlies van hulle kled van lig was Adam en Eva se eerste duidelike bewys dat hulle ongehoorsaamheid aan God 'n verandering in hulle lewens teweeggebring het. Onmiddellik het hulle vir hulle naaktheid probeer kompenseer deur rokke van vyeblore te maak. Hulle kon hulle fisiese naaktheid bedek, maar kon niks versin om die plek in te neem van die Goddelike geregtigheid wat hulle so onbesonne verbeur het nie.

Deur die evangelie bied Christus aan om ons geestelike naaktheid vir altyd te beëindig deur om ons die kosbare kled van Sy eie geregtigheid te hang. Hierdie geregtigheid is nie net 'n uiterlike bedekking nie, maar 'n inwewing van die hoedanighede van Christus se natuur in ons karakter. Deur genade word Goddelike geregtigheid integraal tot ons diepste wese. Sodoende is Christus se kled van fyn linne die **regverdige dade van die heiliges**. - Openb. 19:7,8. Nie geregtigheid wat die heiliges genereer, akkumuleer of menslik kultiveer nie, maar geregtigheid wat aan hulle as 'n Goddelike gawe toegeskryf en deelagtig gemaak is. **Dit is die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie.** - Rom. 3:22. Christus sal nie 'n geregtigheid [reg doen] aan ons toeskryf wat ons nie in ons lewens ontvang en geïnkorporeer het nie.

3. **Salf om jou oë te salf.** Simbolies verteenwoordig oogsalf die krag van helder onderskeiding wat slegs die Heilige Gees vir ons kan gee. God maak Sy Gees aan almal, wat gewillig reageer op die aanbiedinge van Sy liefde, deelagtig. Daardie gewillige reaksie kom tot uitdrukking in 'n begeerte om Jesus in 'n konstante dieper en ryker wyse te ken, lief te hê en te dien.

Jesus was met die Gees en met krag by Sy doop gesalf (Handelinge 10:38). Daardie selfde Gees salf ons met krag om so te leef en te dien soos Jesus gedoen het wanneer ons onself onderdanig stel aan die Gees se gesag soos Jesus gedoen het. Wanneer ons gesindheid sodanig is, dan sal Paulus se gebed vir die gelowiges in Efese ook in ons vervul word.

....dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemel. - Efesiërs 1:17-20.

So 'n gesalfde lewensvisie sal ons bewaar van geestelike strikke, stagnasie en traagheid. Afvallig word sal onmoontlik wees en lewensbelangrike vooruitgang verseker. Ons sal 'n diepe intimiteit met God geniet. Skriflesing sal 'n persoonlike onderhoud met 'n lewende God wees, eerder as 'n blote studie van geëerde getuienis deur antieke skrywers.

Die **oogsalf**, die Woord van God, maak die gewete seer onder sy aanwending, want dit oortuig van sonde. Hierdie pyniging is nodig, sodat

die genesing kan volg en die oog enkelvoudig op die heerlikheid van God kan fokus.

Om gesalfde oë te hê is om die lewe vanuit God se perspektief te aanskou. Dit is om mense te sien soos Hy hulle sien, om die gebeure van die lewe soos Hy te interpreteer. Dit is om vir Hom die opperste eerbied te hê.

Hulle wat honger en dors na God se kameraadskap, wat verlang om Sy stem, wat deur Sy Woord praat, te hoor en verlang om Sy weerkaatsing in al Sy skeppings te sien is die mense wat hulle oë met oogsalf salf, sodat hulle kan sien. Hulle verwelkom die Gees se kameraadskap en werk in hulle lewens, want dit is Sy werk om Christus te openbaar en Sy Woord tot lewe in ons ervaring te bring (Joh. 14:15,16,26). Hulle gehoorsaam God blymoedig, nie om verlossing of guns te verdien nie, maar omdat hulle deur Golgota alreeds Sy guns gevind het en geniet dit nou om die dinge te doen wat Hom plesier. In die proses ontdek hulle dat om Sy wil te doen ook hulle eie hoogste plesier word.

Christus begeer dat ons hierdie ervaring moet hê. Hy arbei om 'n bewustheid van Sy begeerte vir ons en ons behoefte aan Hom wakker te maak. Dit is hoekom Hy verklaar, **Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.** - Openb. 3:19. Hy sou ons nie uitnoui om berou te hê, tensy ons die vooruitsig gehad het om deur Sy genade verander te word nie. Soos met die kerk in Korinte, is dit ons voorreg om vuriglik berou te hê en, deur die geregtigheid van Christus, 'n posisie van ongekomplimiteerde guns met Hom te beklee (kyk 2 Kor. 7:8-12).

Die raad van die Waaragtige Getuie is vol bemoediging en troos. Die kerke mag die goud van waarheid, geloof en liefde verkry en ryk wees in hemelse skatte.

Maar hierdie kosbare skatte sal nie op ons sonder enige inspanning van ons kant neerdaal nie. Ons moet koop - ons moet vurig en berouvol omtrent ons louwarm toestand wees. Ons moet wakker word om ons verkeerdhede

te sien, om vir ons sondes te soek en om dit van ons weg te werp. Ons kan dit slegs deur Christus, ons geregtigheid, tot stand bring. Dit is die verdienstelikheid van Christus wat ons moet verlos, Sy bloed wat ons moet reinig. As ons ons trots wegwerp en ons kleed in die bloed van die Lam was, dan sal Sy raad die volle, sielsverlossende effek in ons lewens hê. Ons sal dan toegerus wees om as ligte in die wêreld te skyn en die drie engele se boodskap in die volle krag van die Heilige Gees te verkondig. Maar tensy ons ag slaan op die raad van die Waaragtige Getuie aan Laodicéa, watter evangeliebodskap het ons dan om aan enige iemand te bring? Die van 'n Verlosser wat ons nie ken nie, wie se stem en klop ons hoor, maar nie beantwoord nie?

Jesus staan al kloppende voor die deur van ons hart, nie met donderende aandrang nie, maar met die sagte, soet stem van 'n liefdevolle versoek vir toegang in ons lewens in. Wanneer ons Hom binnelaat, voed Hy ons met die manna van waarheid, met die brood van Sy eie wese, daardeur maak dit ons deelnemers van die Goddelike natuur. Hy maak ons die bevrediging en bemagtiging van Sy heilige liefde deelagtig deur die Gees wat in ons woon en waak oor ons blymoedige, toegewyde harte. Dit is sielevoedsel voorwaar en vriendskap van Een wat hegter is as 'n broer.

Hy gee ons oorwinning deur die vry aangebode middele van Sy Woord, Sy Gees en Sy bloed (Openb. 12:11). En dan - wonder van bonatuurlike wonders - bied Hy ons 'n plek met Hom op Sy troon, die troon waarheen ons dikwels ons toevlug neem as 'n plek van skuiling en leiding, die troon van barmhartigheid en oordeel waar ons berouvol verskyn, ons sondes bely, Sy genade soek om rein, Goddelike lewens te leef volgens Sy gebod en belofte (Matt. 5:24, 48; 1 Thess. 5:23,24; 1 Tim. 5:24).

Christus se boodskap aan Laodicéa, terwyl dit meedoënloos is in sy diagnose van ons sondes en so direk soos die boodskapope van Elia en Johannes die Doper aan God se belydende volk, is vol belofte en hoop aan Laodicense wat berouvol is en Sy drievoudige raad aan Sy Kerk aanvaar. Dit is ons voorreg om onwrikbare geloof, onverganklike geregtigheid en 'n

onblusbare toekomsblik deur die krag van 'n inwonende Christus te hê. Mag ons onmiddellik hierdie gawes aan Laodicéa met berou, dankbaarheid en lofprysing aanvaar.

6. Brian Jones: *Prophets of Fire. The Elijah message for the end time*, pp. 137-147.

7. *Werklike Godvresendheid*

Liewe Broeders en Susters: Dit druk swaar op my hart om aan julle te skryf. Weer en weer het ek myself bevind waar ek met julle in my drome praat en in elke geval is julle in die moeilikheid. Maar wat ook al gebeur, moenie dat dit julle morele moed verswak en veroorsaak dat julle godsdiens tot 'n hartelose vorm degenerereer nie. Die liefdevolle Jesus is gereed om oorfloedig te seën, maar ons moet 'n ervaring in geloof, in ernstige gebed en in blydskap in die liefde van God verkry. Sal enigeen van ons geweeg en te lig bevind word? Ons moet ons self ondersoek, op ons hoede wees vir die geringste onheilige ingewings of aansporings van ons natuur, sodat ons nie verraaiers is van die hoë verantwoordelikhede wat God aan ons as Sy menslike verteenwoordigers toevertrou het nie.

Ons moet die waarskuwings en tereg wysings wat Hy Sy volk in vervloë dae gegee het, bestudeer. Ons het nie 'n gebrek aan lig nie. Ons weet watter werke ons moet vermy en watter vereistes Hy ons gegee het om aandag aan te gee. So, as ons nie daarna strewende om te weet wat reg is nie, is dit omdat sonde die vleeslike hart beter pas as dit wat reg is.

Daar sal altyd ongelowiges en ontroues wees wat wag om voorwaarts geneem te word deur die geloof van ander. Hulle het nie 'n proefondervindelijke kennis van die waarheid nie en gevolglik het hulle nie die heiligende krag daarvan op hulle eie siele ervaar nie. Dit moet die werk van elke lidmaat van die Kerk wees om in stilte en ywerig hulle eie

harte te ondersoek om te sien of sy/haar lewe en karakter in harmonie met God se hoë standaard van geregtigheid is.

Ons moet 'n hoër waarde op die Skrifte plaas as tot dusver, want daarin is die geopenbaarde wil van God aan mense. Dit is nie genoeg om net die waarheidsliewendheid van God se Woord aan te neem nie, ons moet die Skrifte ondersoek om te leer wat hulle behels. Ontvang ons die Bybel as **die Woord van God?** - 2 Sam. 16:23. Dit is so 'n werklike, Goddelike kommunikasie asof die woorde na ons in 'n hoorbare stem kom. Ons besef nie sy kosbaarheid nie, omdat ons nie sy instruksies gehoorsaam nie.

Daar is oral rondom ons bese engele aan die werk, maar omdat ons nie hulle teenwoordigheid met ons natuurlike gesigsvermoë kan onderskei of gewaar nie, beskou ons nie die werklikheid van hulle bestaan, soos in God se Woord geopenbaar, soos ons moet nie. As daar niks in die Skrifte is wat moeilik is om te verstaan nie, sou die mens, in die ondersoeking van hulle bladsye, trots en selfstandig geword het. Dit is nooit goed vir 'n mens om te dink dat hy/sy elke fase van die waarheid verstaan nie, want hy/sy kan nie. Laat geen mens homself/haarself vly dat hy/sy 'n korrekte verstaan van al die Skrifgedeeltes het en dit sy/haar plig ag dat almal dit so moet verstaan nie. Intellektuele trots moet verban word. Ek verhef my stem teen elke soort geestelike trots. Daar is 'n oorvloed daarvan vandag in die Kerk.

Toe die waarheid, wat ons nou koester vir die eerste keer as Bybelwaarhede gesien was, hoe vreemd het dit voorgekom en hoe sterk was die teenkanting wat ons moes trotseer in die aanbidding daarvan aan die mense vir die eerste keer. Maar hoe ernstig en opreg was die gehoorsame, waarheidsliewende arbeiders! Ons was inderdaad 'n besondere volk. Ons was min in getal, sonder rykdom, sonder wêreldse kennis en wêreldse eer. Nogtans het ons in God geglo en was sterk en suksesvol, 'n verskrikking vir sondaars. Ons liefde vir mekaar was onwankelbaar. Dit was nie maklik geskud nie. Toe was die krag van God

onder ons geopenbaar, siekes was genees en daar was baie kalm, aangename, heilige blydskap. Maar terwyl die lig aangehou het om te vermeerder, het die Kerk nie in verhouding voortbeweeg nie. Die suiwer goud het geleidelik dof geword en 'n doodsheid en uiterlike vorm het ingekom om die energie, ywer, deursettingsvermoë en kragdadigheid van die Kerk lam te lê. Hulle oorfloedige voorregte en geleenthede het God se volk nie voorwaarts en opwaarts na reinheid en heiligheid gelei nie. 'n Getroue veredeling van die talente wat God aan hulle toevertrou het, sou daardie talente grootliks vermeerder het. Waar baie gegee is, sal baie verag word. Slegs diegene wat getrou die lig wat God ons gegee het aanvaar en waardeer en wat 'n hoë en edel standpunt in selfverloëning en selfopoffering inneem, sal hande van lig aan die wêreld wees. Diegene wat nie vorentoe gaan nie, sal agteruitgaan, selfs op die ware grens van die hemelse Kanaän. Dit was aan my geopenbaar dat ons geloof en ons werke in geen opsig met die lig en waarheid wat geskenk is, ooreenstem nie. Ons moet nie 'n halfhartige geloof hê nie, maar daardie volkome geloof wat deur liefde werk en die siel reinig.

Teen een ding sal moet gewaak word en dit is individuele onafhanklikheid. As krygers in God se weermag moet daar gesamentlike optrede in die verskillende departemente van die werk wees. Niemand het die reg om op sy eie verantwoordelikheid voort te gaan en idees in ons gedrukte media oor Bybelse leerstellings te bevorder of te opper, terwyl dit bekend is dat ander van ons verskillende menings oor die onderwerp het en dat dit omstredenheid sal veroorsaak nie. Die Eerstedagadventiste het dit gedoen. Elkeen het sy eie onafhanklike oordeel gevolg en probeer om oorspronklike idees aan te bied totdat daar geen gesamentlike optrede onder hulle was nie, behalwe in die opponering van Sewendedagadventiste. Ons moet nie hulle voorbeeld navolg nie. Elke arbeider moet in samewerking met die ander optree. Volgelinge van Jesus Christus sal nie onafhanklik van mekaar optree nie. Ons sterkte moet in God wees en dit moet behou word om in edel, gekonsentreerde optrede te voorskyn te kom. Dit moet nie in niksbeduidende bewegings vermors word nie.

Ons moet weet wat ons moet doen om gered te word. Ons moet nie, my broeders en susters, met die populêre stroom saamdryf nie. Ons werk tans is om uit die wêreld te kom en apart te wees. Dit is die enigste manier hoe ons met God kan wandel, soos Henog. Goddelike invloede het voortdurend met sy menslike pogings saamgewerk. Soos hy word 'n beroep op ons gedoen om 'n sterk, lewende en wakende geloof te hê en dit is die enigste manier hoe ons arbeiders saam met God kan wees. Ons moet aan die voorwaardes, in God se Woord neergelê, voldoen of in ons sondes sterf. Ons moet weet watter morele veranderinge noodsaaklik is om in ons karakters te maak, deur die genade van Christus, ten einde vir die herehuse daarbo geskik te wees. Ek sê vir julle in die vrees van God: Ons verkeer in die gevaar om soos die Jode te leef - sonder die liefde van God en onkundig omtrent Sy krag, terwyl die gloeiende lig van waarheid oral om ons skyn.

Tienduisend maal tienduisend mag bely om die wet en die evangelie te gehoorsaam en nogtans in sonde lewe. Mense mag op 'n helder en duidelike wyse die aansprake en eise van die waarheid aan andere aanbied of voorstel en nogtans is hulle eie harte vleeslik. Hulle mag sonde in die geheim liefhê en beoefen. Die waarheid van God mag vir hulle geen waarheid wees nie, omdat hulle harte nie daardeur geheilig is nie. Die liefde van die Verlosser mag oor hulle slegte en onedele hartstogte en passies geen weerhoudende of bedwingende mag uitoefen nie. Ons weet uit die geskiedenis van die verlede dat mense in heilige posisies mag staan en nogtans die waarheid van God bedrieglik hanteer. Hulle kan nie **heilige hande tot God ophef sonder toorn en twis nie.** - 1 Tim. 2:8. Dit is omdat God geen beheer oor hulle verstand en gees het nie. Die waarheid was nooit op hulle harte afgestempel nie. **Met die hart glo ons tot geregtigheid.** - Rom. 10:10. **Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.** - Matt. 22:37. Doen jy dit? Baie doen dit nie en het dit nog nooit gedoen nie. Hulle bekering was slegs kunsmatig.

As julle dan, sê die apostel, saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. - Kol. 3:1-2. Die hart is die mens se vesting. Daaruit vloeï die sake of kwessies van lewe of dood. Totdat die hart gereinig is, is 'n persoon onbevoeg om enige deel in die kameraadskap van die gelowiges te hê. Weet die Hart Ondersoeker nie wie in sonde talm of aanhou nie, sonder om op hulle siele te let? Was daar nie 'n getuïenis tot die mees geheime dinge in die lewe van elkeen nie? Ek was genoodsaak om die woorde te hoor wat deur sommige mans aan vrouens en meisies gesê was - vleitaal en woorde wat sou mislei en verlief maak. Satan gebruik al hierdie middele om siele te verwoes. Sommige van julle mag aldus sy agente gewees het. Indien dit so is, sal julle hierdie dinge in die oordeel teëkom. Die engel het van diesulkes gesê: "Hulle harte was nooit aan die Here gegee nie. Christus is nie in hulle nie. Die waarheid is nie daar nie. Sy plek word deur sonde, misleiding en bedrog ingeneem. Die Woord van God word nie geglo en daarvolgens opgetree nie."

Die teenswoordige aktiwiteit van Satan in sy werking op harte en op die kerke en nasies moet elke student van profesie ontstel. Die einde is naby. Laat ons kerke wakkerskrik. Laat die krag van God wat kan verander in die harte van die individuele lidmate ondervind word. Dan sal ons die diep roeringe van die Gees van God sien. Die vergifnis van sonde is nie die enigste uitvloeiende van die dood van Jesus nie. Hy het die oneindige offer gebring, nie slegs sodat sonde verwyder kan word nie, maar dat die menslike natuur herstel, herververfraai [herversier], hersaamgestel van hulle puinhope kan word en vir die teenwoordigheid van God geskik gemaak kan word.

Ons moet ons geloof deur ons werke toon. 'n Groter begeerte en verlange moet geopenbaar word om 'n groter maat van die Gees van Christus te hê, want hierin sal die sterkte en krag van die Kerk lê. Dit is Satan wat daarna strewe om God se kinders van mekaar weg te trek. Liefde, o, hoe

min liefde het ons - liefde vir God en vir mekaar! Die Woord en Gees van Waarheid, wat in ons harte woon, sal ons van die wêreld skei. Die onveranderbare beginsels van die waarheid en liefde sal hart aan hart verbind en die krag en sterkte van hierdie eenheid sal in ooreenstemming wees met die maat van genade en waarheid wat ondervind was. Dit sal vir ons goed wees, vir elkeen van ons om die spieël, God se koninklike wet, te neem en daarin die weerspieëling van Sy eie karakter sien. Laat ons versigtig wees om nie die gevaartekens en die waarskuwings, wat in Sy Woord gegee is, te verontagsaam nie. Tensy op hierdie waarskuwings ag geslaan word en karaktergebreke oorwin word, sal hierdie tekortkominge en gebreke diegene wat dit besit, oorwin en hulle sal in dwaalleer, afvalligheid en openlike sonde verval. Die verstand wat nie tot die hoogste standaard verhoog[verhef] is nie, sal met verloop van tyd die krag verloor om dit wat eens op 'n tyd verkry of bereik of verwerf was te behou. **Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.** - 1 Kor. 10:12. *Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose [goddelose] mense en wegval uit jul eie vastigheid nie. Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus.* - 2 Pet. 3:17,18.

God het in hierdie laaste dae 'n volk uitverkies wat Hy die bewaarders van Sy wet gemaak het en hierdie volk sal altyd onaangename take hê om te vervul. *Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.* - Openb. 2:2,3. Dit sal baie ywer en toewyding en 'n voortdurende stryd verg om sonde uit ons kerke te hou. Daar moet streng, onpartydige dissipline uitgeoefen word, want sommige wat 'n skyn [voorkoms] van godsdienst het, sal probeer om die geloof van andere te ondermyn en sal in die geheim werk om hulleself te verhef.

Die Here Jesus het op die Olyfberg duidelik verklaar dat **omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die mense verkoel.** - Matt. 24:12. Hy het gepraat van 'n groep wat van 'n hoë vlak of toestand van geestelikheid geval het. Laat uitsprake soos hierdie met 'n ernstige, plegtige, ondersoekende [deursoekende] krag aan ons harte tuisgebring word. Waar is die ywer en geesdrif, die toewyding aan God, wat ooreenstem met die grootsheid van die waarheid waarop ons aanspraak maak om te glo? Die liefde vir die wêreld, die liefde vir een of ander liefliingsonde, het die hart van die liefde vir gebed en van bepeinsing [oordenking] van heilige dinge losgemaak. 'n Vormlike rondte van godsdienstige verrigtinge word volgehou, maar waar is die liefde van Jesus? Geestelikheid is sterwende. Is hierdie doodsheid, hierdie droewige [treurige] agteruitgang bestem om voort te bestaan? Is die lamp van waarheid bestem om te flikker en in duisternis uit te doof, omdat dit nie weer deur die olie van genade volgemaak word nie?

Ek wens dat elke leraar en elkeen van ons arbeiders hierdie saak kon sien soos dit aan my voorgehou was. 'n Gevoel van eiewaarde en selfvoorsiening is dodelik vir die geestelike lewe. Die eie-ek word verhoog; oor die eie-ek word gepraat. O, dat die eie-ek mag sterf! **Ek sterf dag vir dag sê** die apostel Paulus in 1 Kor. 15:31. Wanneer hierdie trotse, grootpraterige selfvoorsiening en hierdie selfvoldane eiegeregtigheid die siel deurtrek, is daar geen plek vir Jesus nie. Aan Hom word 'n minderwaardige plek gegee, terwyl die eie-ek in belangrikheid toeneem en die hele tempel van die siel vul. Dit is die rede hoekom die Here so min vir ons kan doen. Sou Hy met ons pogings saamwerk, sou ons al die eer vir ons eie skrandtheid [slimheid] toe-eien en homself/haarself gelukwens soos die Fariseër: **Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry.** - Lukas 18:12. Wanneer die eie-ek in Christus verborge is, sal dit nie so dikwels na die oppervlakte gebring word nie. Sal ons die gemoed van die Gees van God bevredig? Sal ons meer by die praktiese godvresendheid stilstaan en baie minder by werktuiglike [sonder om te dink] reëlings?

Die diensknegte van Christus moet leef soos ten aanskoue van God en soos ten aanskoue van engele. Hulle moet probeer om die vereistes van ons tyd te verstaan en voorberei om hulle tegemoet te gaan. Satan val ons voortdurend op nuwe en onbeproefde wyses aan en hoekom moet die offisiere in God se weermag ondoeltreffend of onbekwaam wees? Hoekom moet hulle elke vermoë van hulle karakter [geaardheid] onontwikkel laat? Daar is 'n groot werk om te doen en as daar enige gebrek aan eensgesinde optrede is om dit te doen is dit as gevolg van selfsug en 'n gevoel van eiewaarde [selfagting]. Dit is slegs wanneer ons versigtig is om die Meester se opdragte uit te voer sonder om ons stempel en identiteit op die werk agter te laat dat ons doeltreffend en eensgesind werk. "Kom bymekaar", het die engel gesê, "kom bymekaar."

Ek dring by julle, wat in heilige dinge bedien, aan om meer by praktiese godsdiens stil te staan. Hoe selde word die tere [gevoelige] gewete en opregte, hartgrondige smart [droefheid, spyt] van die siel en oortuiging van sonde gesien? Dit is omdat daar geen diepe roeringe van die Gees van God onder ons is nie. Ons Verlosser is die leer wat Jakob gesien het waarvan die voetstuk op die aarde gerus het en waarvan die boonste sport die hoogste hemele bereik het. Dit toon die aangewese [bepaalde, vasgestelde] metode van verlossing. As enigeen van ons uiteindelik gered is, sal dit wees deur aan Jesus vas te hou soos aan die sporte van 'n leer. Vir die gelowige is Christus wysheid en geregtigheid, heiligmaking en verlossing gemaak. Laat niemand dink dit is maklik om die vyand te oorwin en dat hy/sy na Bo na 'n onverganklike erfenis sonder inspanning van sy/haar kant af gedra sal word nie. Om terug te kyk is om duielig te word en om die greep te los is om te sterf. Enkeles waardeer die belangrikheid om aanhoudend te strewe om te oorwin. Hulle verslap hulle ywer en toewyding en, as 'n gevolg, word selfsugtig en gemaksugtig en genotsugtig. Geestelike waaksaamheid word nie as belangrik beskou nie. Ernstigheid in die mens se inspanning word nie in die Christen se lewe ingebring nie.

Daar sal enkele, verskriklike valle wees deur diegene wat dink dat hulle vasstaan, omdat hulle die waarheid het, maar hulle het dit nie soos in Jesus nie. 'n Oomblik se agtelosigheid, traak-my-nieagtigheid kan 'n siel in onherstelbare ondergang dompel. Een sonde lei tot die tweede en die tweede berei die weg voor vir die derde, ensovoorts. Ons moet, as getroue boodskappers van God, voortdurend by Hom pleit om deur Sy krag bewaar te word. Indien ons 'n enkele sentimeter van ons plig sou afwyk, loop ons die gevaar om 'n weg van sonde te volg wat in die verdoemenis sal eindig. Daar is hoop vir elkeen van ons, maar slegs op een wyse, en dit is deur onself aan Christus te verbind en al ons kragte inspan om die volmaaktheid van Sy karakter te bereik.

Daardie godsdienst wat van sonde 'n geringe saak maak, wat by die liefde van God vir die sondaar stilstaan, ondanks al sy/haar optredes, bemoedig slegs die sondaar om te glo dat God hom/haar sal aanvaar, terwyl hy/sy voortgaan met dit wat hy/sy weet sonde is. Dit is wat sommige, wat bely om die waarheid vir ons dag te glo, besig is om te doen. Die waarheid word apart van die lewe gehou en dit is die rede hoekom dit geen krag het om die siel te oortuig en tot bekering te bring nie.

God het aan my getoon dat die waarheid, soos dit in Jesus is, nooit in die lewens van sommige lidmate ingebring was nie. Hulle het nie die godsdienst van die Bybel nie. Hulle was nooit bekeer nie en tensy hulle harte deur die waarheid wat hulle aanvaar het, geheilig word, sal hulle met die onkruid saamgebind word. Hulle dra nie trosse van die kosbare vrug om te toon dat hulle lote van die lewende Wingerdstok is nie.

Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. - Jes. 55:6,7. Die lewens van baie toon dat hulle gaan lewende verbinding met God het nie. Hulle is besig om in die kanaal van die wêreld in te dryf. Hulle het, in werklikheid, geen deel

aan of lotgeval met Christus nie. Hulle is lief vir vermaak, pret en plesier en is met selfsugtige idees, planne, verwagtinge en ambisies vervul. Hulle dien die vyand onder die voorwendsel dat hulle God dien. Hulle is in slawerny aan 'n baas en hierdie knegskap wat hulle gekies het, maak hulleself gewillige slawe van Satan.

Die vals idee wat deur baie onderhou [gekoester] word, dat die beperking, beletting van kinders 'n benadeling, 'n verontregting is, verwoes duisende der duisende. Satan sal verseker besit van die kinders neem as julle nie op julle hoede is nie. Trek hulle weg. Kom uit onder diesulkes julleself en wys aan hulle dat julle aan die kant van die Here is.

Wil diegene wat daarop aanspraak maak om kinders van die Allerhoogste te wees nie die standaard verhoog, nie net terwyl julle in die byeenkomste byeenkom nie, maar vir solank as tyd sal aanhou?

Wil julle nie aan die kant van die Here wees en Hom met die volle voorname van die hart dien nie? Indien julle doen wat die kinders van Israel gedoen het deur God se uitdruklike vereistes te versaak, sal julle verseker van Sy oordele ontvang. As julle egter die sonde laat vaar en 'n lewende geloof beoefen, sal die rykste van die hemel se seëninge julle deel wees.

7. Ellen White: *Testimonies for the Church*, vol. 5, pp. 532-541.

8. Die Oorwinnaars



Voordat hulle die Godstad binnegaan, gee die Verlosser aan Sy volgelinge die simbole van oorwinning en Hy bekleed hulle met die kentekens van hulle koninklike status. Die glinsterende rye tree aan, in die vorm van 'n vierkant, rondom hulle Koning..... Op die hoofde van die oorwinnaars plaas Jesus met Sy eie regterhand die kroon van heerlikheid..... Elkeen ontvang die oorwinnaarspalm en 'n glinsterende siter. En wanneer die engele wat lei die snare aanraak, bespeel elke hand op behendige wyse sy siter wat die heerlikste en soetste melodie voortbring..... Voor die verlore skare is die heilige stad. Jesus maak die pêrelpoorte wyd oop en die nasies, wat die waarheid bewaar het, gaan binne. - *The Great Controversy*, pp. 645, 646.